4 HOE OM JOU PAKKET TE BELÊ

Dit is altyd baie maklik om aan ander raad te gee oor hul fondse, maar nooit maklik om jou eie fondse te belê nie – veral as die bedrag onder bespreking betreklik groot is.

Duisende makelaars het nog nooit R10 000 van hul eie geld belê nie – sou hulle voor so 'n besluit staan, wonder 'n mens hoeveel weke of maande hulle sou moes wakker lê om daaroor te besluit …

Is dit nie tragies nie dat soveel beleggers hulle swaarverdiende geld (pakket) vir hul nefie/niggie/broerskind/susterskind gee om te belê, ongeag die feit dat laasgenoemde maar drie weke of maande as 'makelaar' optree …

Dit is nie nou die tyd om oor jou familielid se kommissie bekommerd te wees nie – raak eerder bewus van en bekommerd oor jou eie finansiële toekoms.

Die doel van hierdie bespreking is om te wys op die talle faktore wat in ag geneem moet word voordat 'n pakket belê, herbelê of aangewend word. Vanweë die unieke samestelling van elke huishouding se bate-, laste- en gesinsamestelling asook behoeftes, risiko's en doelwitte, kan daar slegs breë riglyne verskaf word.

In die bespreking wat volg gaan ek veral na die volgende vyf situasies kyk, naamlik waar 'n belegger 'n pakket

- belê by dieselfde werkgewer se ou/nuwe aftreefonds
- oordra na die aftreefonds (pensioen- of voorsorgfonds) van 'n nuwe werkgewer
- wil aanwend om 'n nuwe besigheid te begin ('n nuwe een van meet af of waar een gekoop gaan word)
- moet belê vir aftrede
- 'n deel (of alles) in die buiteland wil belê

Die kies van 'n bepaalde belegging is egter nooit maklik nie, omdat die individu bewus raak van die langtermynimplikasies van hierdie baie belangrike besluit. Nadat die individuele en huishoudelike finansiële situasie geëvalueer, behoeftes geïdentifiseer, doelwitte vir die kort, medium en lang termyn bepaal en prioriteite daaraan toegeken is, behoort daar meer duidelikheid te bestaan oor watter beleggingsalternatief(we) gekies behoort te word. Verskillende huishoudings sal noodwendig hulle geld op verskillende wyses aanwend of belê.

4.1 EK BLY BY MY WERKGEWER – WATTER FONDS MOET EK KIES (PENSIOEN- OF VOORSORGFONDS, VASTEVOORDEEL- OF VASTEBYDRAEFONDS)?

Talle werkgewers het in die laaste paar jaar oorgeskakel van 'n vastevoordeel- ('defined benefit fund') na 'n vastebydraefonds ('defined contribution fund'). Dit is egter belangrik om te weet dat 'n vastebydraefonds óf 'n vastebydrae-pensioenfonds óf 'n vastebydrae-voorsorgfonds kan wees. Elk van hierdie fondse is verskillend met betrekking tot die hantering van bydraes en die belasbaarheid van sowel bydraes as enkelbedrae.

Natuurlik bestaan daar groot onsekerheid sodra jy moet kies om na 'n voorsorgfonds oor te skakel al dan nie. In die bespreking wat volg kyk ons vervolgens na

- verskille tussen 'n vastevoordeel- en 'n vastebydraefonds
- ooreenkomste tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds
- verskille tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds
- die oordrag van sowel die belasbare as die nie-belasbare deel van jou pensioenfondsvoordele na 'n vastebydrae-voorsorgfonds of 'n vastebydrae-pensioenfonds
- die oordrag van die belasbare deel van jou pensioenfondsvoordele na 'n lewensannuïteit
- watter portefeulje om te kies (ná die fondskeuse)
- die belangrikste faktore om in ag te neem tydens jou keuse
- 'n bewaringsfonds

Dit is belangrik om die voor- en nadele (oftewel geskiktheid) van elke tipe fonds noukeurig te oorweeg voordat jy 'n besluit neem ('n fonds kies). Die alge-

meenste verskille tussen 'n vastevoordeelfonds en 'n vastebydraefonds (nie tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds nie) is soos volg:

Vastevoordeelfonds

1 *Bydraes*
Lede se bydraes is 'n vaste persentasie van besoldiging van uittredingsfunderingdiens. Werkgewer se bydrae wissel na gelang van aktuariële advies.
Werkgewer se bydrae dek koste asook dood- en ongeskiktheidsvoordele. Werkgewer is verantwoordelik vir die lede se voordele. Werkgewer se bydrae is hoër vir ouer lede as vir jonger lede.

Vastebydraefonds

1 *Bydraes*
Werknemer en werkgewer se bydraes is 'n vaste persentasie van besoldiging van uittredingsfunderingsdiens. Werkgewer se bydra dek die koste asook dood- en ongeskiktheidsvoordele.

2 Aftreevoordele Voordele word belowe en gedefinieer volgens 'n formule gebaseer op die lid se jare diens en gemiddelde finale salaris.	*2 Aftreevoordele* Voordele word nie volgens 'n formule gegrond op diensjare of salaris bereken nie.
Maandelikse pensioen: 2,22% van gemiddelde finale salaris x jare diens ÷ 12	*Voordele-pensioenfonds:* By aftrede word die totale bydraes van die lid en die werkgewer plus die beleggingsopbrengs gebruik om 'n annuiteit van 'n versekeraar te koop. Lid ontvang 'n maandelikse pensioen. *Voordele-voorsorgfonds:* By aftrede word die totale bydraes van die lid en die werkgewer plus die beleggingsopbrengs as 'n enkelbedrag aan die lid uitbetaal. Baie soortgelyk aan 'n spaarrekening.
Lidmaatskapsjare plus pensioensalaris bepaal dus aftreevoordele.	Totale bydraes plus beleggingsprestasie bepaal aftreevoordele.
Beleggingsprestasie het nie so 'n groot invloed op aftreevoordele nie. Werkgewer moet die verskil inbetaal ten einde die beloofde aftreevoordele te betaal.	Beleggingsprestasie het 'n direkte invloed op aftreevoordele. As voordele geneem word tydens 'n ekonomiese oplewing, of as die beurs sterk is (bulmark), kan die lid hoë aftreevoordele ontvang. Indien die lid tydens 'n ekonomiese afswaai aftree, of as die beurs daal ('n beermark), kan die lid lae aftreevoordele ontvang.
Beleggingsrisiko berus gevolglik by die werkgewer.	Beleggingsrisiko berus gevolglik by die werknemer/lid.

Kom ons kyk na 'n vergelyking tussen 'n pensioen- en 'n voorsorgfonds:

Pensioenfonds	**Voorsorgfonds**
Ooreenkomste	
1 Lidmaatskap vereis 'n werknemer–werkgewerverhouding	1 Lidmaatskap vereis 'n werknemer–werkgewerverhouding

2 Voordele kan nie sedeer word nie	2 Voordele kan nie sedeer word nie
3 By insolvensie word voordele dieselfde hanteer as by voorsorgfonds (sien hoofstuk 8)	3 By insolvensie word voordele dieselfde hanteer as by pensioenfonds (sien hoofstuk 8)
4 Vorm 'n belangrike deel van aftreevoorsiening	4 Vorm 'n belangrike deel van aftreevoorsiening
5 Boedelbelasting is betaalbaar op die enkelbedrag ná lid se dood	5 Boedelbelasting is betaalbaar op die enkelbedrag ná lid se dood
6 In die geval van egskeiding word voordele dieselfde hanteer (sien afdeling 7.2)	6 In die geval van egskeiding word voordele dieselfde hanteer (sien afdeling 7.2)
7 Pensioenvoordele vorm nie deel van 'n boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie	7 Pensioenvoordele vorm nie deel van 'n boedel vir boedelbelastingdoeleindes nie
8 Lewens- en ongeskiktheidsvoordele word teen lae koste ingesluit by lidmaatskap	8 Lewens- en ongeskiktheidsvoordele word teen lae koste ingesluit by lidmaatskap
9 Lede word nie teen hulself beskerm nie en kan die enkelbedrag ná die ontvangs daarvan wanaanwend	9 Lede word nie teen hulself beskerm nie en kan die enkelbedrag ná die ontvangs daarvan wanaanwend
10 Boedelbelasting word op groepvoordele betaal omdat dit deel van 'n lid se boedel vorm	10 Boedelbelasting word op groepvoordele betaal omdat dit deel van 'n lid se boedel vorm
11 Lewensdekking word dmv groepvoordele verskaf	11 Lewensdekking word dmv groepvoordele verskaf
12 Dit is baie duur om by die fonds te leen vanweë rentekoste, verlies aan kapitaalgroei en die belasbaarheid van terugbetalings aan die fonds	12 Dit is baie duur om by die fonds te leen vanweë rentekoste, verlies aan kapitaalgroei en die belasbaarheid van terugbetalings aan die fonds
Pensioenfonds	**Voorsorgfonds**
Verskille	
1 Aftreevoordele is gebaseer op	1 Aftreevoordele is gebaseer op die

sowel finale salaris as lidmaatskapjare	totale bydra van die lid tot die fonds plus groei
2 Werkgewer dra die risiko	2 Werknemer dra die risiko
3 Bevoordeel ouer fondslede	3 Bevoordeel jonger fondslede
4 Lede kry nie hul bydra tot die fonds terug nie	4 Lede kry hul bydra tot die fonds terug
5 By aftrede ontvang die lid een derde van die aftreevoordele as 'n enkelbedrag	5 By aftrede kan die lid 100% van die totale aftreevoordeel as 'n enkelbedrag neem
6 Die verhouding tussen die enkelbedrag (een derde) en die pensioen (twee derdes) is vas	6 Lid kies tussen slegs 'n enkelbedrag, slegs 'n pensioen, of 'n enkelbedrag en 'n pensioen
7 Administrasiekoste is hoër agv meer aktuariële berekeninge (salarisaanpassings, diensjare, hoogste salaris per periode)	7 Laer administrasiekoste vanweë minder aktuariële berekeninge (geen berekeninge vir salarisaanpassings, diensjare, hoogste salaris per periode)
8 Ten einde doeltreffend te kan wees benodig die fonds 'n groot aantal lede	8 Die fonds benodig slegs 'n beperkte aantal lede
9 Ideaal vir groot organisasies en besighede	9 Klein of nuwe organisasies en besighede kan die fonds gebruik
10 Die grootte van die fonds word deur die ouderdom van werknemers, hul salarisse en lidmaatskapsjare bepaal	10 Die grootte van die fonds word deur lede se maandelikse bydraes bepaal
11 Ideaal vir oorblywende lede waar die personeelomset hoog is	11 Die personeelomset beïnvloed nie die oorblywende lede se voordele nie
12 Maandelikse bydraes is belastingaftrekbaar (grootste van R1 750 of 7,5% van besoldiging van uittredingsfunderingsdiens)	12 Maandelikse bydraes is nie belastingaftrekbaar nie
13 Enkelbedrag is belastingaftrekbaar tot op R120 000 of R4 500 x die aantal diensjare (die grootste van die twee bedrae)	13 Enkelbedrag is belastingaftrekbaar tot op R120 000 of R4 500 x die aantal diensjare (die grootste van die twee bedrae)

14 Waar diensjare teruggekoop is, is agterstallige bydraes belasting-aftrekbaar tot R1 800 per jaar per persoon	14 Nie van toepassing nie
15 Geen buigsame aftrede- en boedelbeplanning is moontlik nie	15 Vanweë eie beheer van voordele is baie buigsame aftree- en boedel-beplanning moontlik
16 Diensjare kan teruggekoop word	16 Diensjare kan nie teruggekoop word nie
17 'n Getroude individu sal beter vaar omdat daar afhanklikes is wat 'n maandelikse pensioen ná die lid se dood benodig	17 'n Ongetroude individu sal beter vaar omdat daar nie afhanklikes is wat 'n maandelikse pensioen ná die lid se dood benodig nie
18 Hoe jonger die vrou van 'n man wat lid van 'n pensioenfonds is, hoe voordeliger	18 Vrou se ouderdom is slegs relevant waar pensioen in plaas van enkelbedrag geneem word en die man gou sterf na aftrede
19 Waar die jaarlikse salarisstygings hoog is, is die vastevoordelefonds beter omdat voordele op grond van die finale salaris bereken word. (Staats- en semistaatsdepartemente se voordele is problematies vanweë die afwesigheid van enige reële salarisverhogings – behalwe wanneer inflasie laer as die verhogingskoers is oor baie jare)	19 Met relatief lae reële salarisverhogings (of geen) is die vastebydraefonds beter omdat voordele nie op grond van finale salaris bereken word nie. (Veral geskik by staats- en semistaatsdepartemente, natuurlik ook in die privaatsektor)
20 Die primêre doel van 'n pensioenfonds is om 'n pensioen by aftrede te verskaf	20 Die primêre doel van 'n voorsorgfonds is om 'n enkelbedrag by aftrede te verskaf
21 Dit staan die trustees vry om aftreevoordele ná aftrede te verhoog, gegrond op die prestasie van die versekeraars	21 Nadat die lid die enkelbedrag ontvang het, het die lid niks meer met die fonds te make nie
22 In die geval van die dood van 'n lid ná aftrede, word 'n pensioen aan	22 Geen lid ontvang doodsvoordele indien hy/sy sterf ná aftrede nie, om-

die gade/kinders betaal. Pensioenverhogings word ook aan die gade/kinders uitbetaal

dat die lid reeds die fonds verlaat het. Doodsvoordele sal afhang van reëlings wat die lid met die versekeraar getref het

23 Indien jy reeds 'n pensioen ontvang, sal jy baie moeilik kwalifiseer vir 'n verdere staatspensioen

23 Waar voordele in die vorm van 'n enkelbedrag geneem is, is dit tans nog moontlik om vir 'n staatspensioen te kwalifiseer

24 Bydraes tot die fonds word uit voorbelaste geld betaal en verminder sodoende jou belasbare inkomste

24 Bydraes tot die fonds word ingevolge 'n salarisprysgawebasis betaal

25 Pensioen word belas teen die PAYE/SITE-koers. Belasting word gevolglik teen jou marginale koers afgetrek (sien die verdere bespreking van 'n vrywillige annuïteit hierna)

25 Sou jy 'n pensioen in die vorm van 'n vrywillige annuïteit met jou nabelaste enkelbedrag koop, word die pensioen slegs gedeeltelik belas

26 Behalwe die belastingvrye gedeelte van die enkelbedrag (grootste van R120 000 of R4 500 x jare lidmaatskap) word die res van die enkelbedrag teen jou gemiddelde koers belas

26 Soos langsaan. Jou belastingvrye gedeelte word verder verhoog deur jou bydraes wat nie voorheen belastingaftrekbaar was nie. 'n Minimum van R24 000 is belastingvry

27 By dood is die belastingvrye gedeelte van die enkelbedrag die grootste van R60 000 of twee keer jou jaarlikse salaris (maksimum R120 000). Daarna word belasting teen jou gemiddelde koers bereken

27 Soos langsaan. Jou belastingvrye gedeelte word verder verhoog deur jou bydraes wat nie voorheen belastingaftrekbaar was nie

28 Sou jy die fonds vóór aftrede verlaat, is die eerste R1 800 van jou voordele belastingvry. Die balans word teen jou gemiddelde koers belas.

28 Sou jy die fonds vóór aftrede verlaat, is die grootste van R1 800 of jou bydraes belastingvry. Die balans word teen jou gemiddelde koers belas.

DIE OORDRA VAN SOWEL DIE BELASBARE AS DIE NIE-BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N VOORSORGFONDS OF 'N PENSIOENFONDS

Dit staan jou vry om die twee bedrae geld wat jy gaan ontvang na een van die genoemde fondse oor te dra. Die gevolg daarvan sal natuurlik wees dat jy onmiddellik belas sal word op die een bedrag wat belasbaar is. Hiervolgens stel jy dus nie die betaling van belasting uit tot op 'n latere stadium nie. Ongelukkig maak jy ook nie gebruik van die belastingverligting indien jy die nie-belasbare geld eerder in 'n vrywillige annuïteit sou plaas nie.

DIE OORDRA VAN DIE BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N VRYWILLIGE ANNUÏTEIT

'n Vrywillige annuïteit moet nie met 'n uittree-annuïteit verwar word nie. In die geval van 'n vrywillige annuïteit word 'n enkelbedrag gebruik om 'n annuïteit by 'n versekeraar te koop. Natuurlik kan 'n annuïteit van jou keuse gebruik word en dit is selfs moontlik om die enkelbedrag na 'n bestaande uittree-annuïteit oor te dra. Let daarop dat die vrywillige annuïteit ook aan ander produkte gekoppel kan word, soos 'n uitkeerpolis of effektetrusts. Die bepaalde versekeringsmakelaar wat jy gaan raadpleeg sal jou hiermee kan help. Die pensioen wat jy sal ontvang sal (in die geval van 'n vrywillige annuïteit) slegs gedeeltelik belas word. Jou pensioen se rentegedeelte sal belas word terwyl die kapitale gedeelte belastingvry sal bly.

VRYWILLIGE VERSUS VERPLIGTE ANNUÏTEIT

Sodra die koop van 'n annuïteit regtens verpligtend is, word dit 'n verpligte annuïteit genoem. Die presiese voorbeeld is waar jy regtens verplig word om die twee derdes wat jy van 'n uittree-annuïteit ontvang, moet gebruik om 'n verpligte annuïteit te koop (óf 'n tradisionele óf 'n lewende annuïteit).

DIE OORDRA VAN DIE BELASBARE GEDEELTE VAN JOU PENSIOENVOORDELE NA 'N UITTREE-ANNUÏTEIT

Soos reeds genoem, kan die enkelbedrag na 'n bestaande annuïteit oorgeplaas word. Ek stel egter voor dat die enkelbedrag in 'n nuwe annuïteit belê word, veral waar die eenderde-enkelbedrag van 'n bestaande annuïteit reeds R120 000

beloop. Die nuwe annuïteit is gevolglik 'n vrywillige annuïteit, omdat 'n enkelbedrag daarin belê word. (Ons kyk na die funksionering van uittree-annuïteite in afdeling 4.4.)

WATTER PORTEFEULJE OM TE KIES (NÁ DIE FONDSKEUSE)

Nadat jy besluit het oor die spesifieke fonds waarin jou geld moet bly (bv pensioenfonds) of waarheen dit moet gaan (vastebydrae-pensioenfonds of vastebydrae-voorsorgfonds en/of vrywillige annuïteit), is die tweede besluit dié rakende die spesifieke portefeulje. Jy kan onder meer uit die volgende beleggingsportefeuljes kies: 'n stabielebonus-portefeulje, 'n markgekoppelde portefeulje, 'n gebalanseerde portefeulje, en 'n effektetrustgekoppelde portefeulje.

- *'n Stabielebonus-portefeulje:* Dit is geskik vir die meer konserwatiewe belegger (bv 55 jaar en ouer) wat kapitaal wil beskerm en jaarliks 'n bonus wil ontvang. Bonusse bestaan uit inkomste wat in goeie jare opgebou word om in swak jare te voorsien. Stabiele bonusse word sodoende voorsien.
- *'n Markgekoppelde portefeulje:* Veral geskik vir diegene wat van meer risiko in 'n groeiportefeulje hou (jonger persone). Geen waarborge word verskaf nie en jou opbrengs is direk gekoppel aan die onderliggende bates in die huidige marktoestand of ekonomiese siklus. Sowel 'n positiewe as 'n negatiewe opbrengs is gevolglik moontlik, afhangende van die voorgenoemde.
- *'n Gebalanseerde portefeulje:* Die belegging bestaan uit sowel groeibates as vaste rentedraende beleggings. Diegene wat 'n ietwat gemiddelde risiko verkies met 'n gemiddelde opbrengs sal hierin belê (bv 40–55 jaar).
- *'n Effektetrustportefeulje:* Hierin kan jy belê met die oog op kapitaalgroei in goeie marktoestande. 'n Gebalanseerde portefeulje is gevolglik moontlik. Net soos by aandele sal jy in goeie marktoestande moet aftree, anders kan jou opbrengs negatief wees.

Let onder meer op die volgende met betrekking tot jou keuse van 'n spesifieke portefeulje:

- jou risikoprofiel
- jou ouderdom en gesondheidstoestand
- die moontlikheid van dood of vervroegde aftrede in 'n swak mark of ekonomie met lae opbrengste en kapitaalgroei
- of jy heelwat kapitaalgroei kort en bereid is om daarvoor te waag deur meer riskant te belê (maw jy het te min huidige voorsiening vir aftrede)

DIE BELANGRIKSTE FAKTORE OM IN AG TE NEEM

Kennis van die eienskappe van elke fonds is 'n voorvereiste vir die maak van 'n ingeligte besluit. Belangrike faktore om in ag te neem is onder meer:

- Wil jy jou aftreegeld self beheer ná aftrede deur byvoorbeeld die totale enkelbedrag van 'n voorsorgfonds te kry?
- As jy baie sieklik is, kan jou gesondheid jou dwing om die geld dalk in 'n pensioenfonds te laat of 'n gewaarborgde lyfrente te kies.
- Gaan jy ná aftrede baie hoë inkomste uit ander bronne ontvang, kan jy eerder jou geld uit 'n voorsorgfonds ontvang sodat jy dit uitsluitlik vir kapitaalgroei kan belê (en nie 'n pensioen ontvang wat net jou belastingaanspreeklikheid gaan verhoog en jou kapitaal gaan verteer nie).
- Sou jy inkomste benodig vanweë byvoorbeeld te min huidige aftreevoorsiening (geen ander inkomstebronne nie), moet jy sorg dat jy 'n pensioen ontvang ná aftrede.
- 'n Jonger persoon wat gaan bedank sal hoër voordele van 'n voorsorgfonds ontvang.
- Dit hang af of jy self jou geld wil belê en die risiko wil dra al dan nie.
- Die belasbaarheid van voordele moet in gedagte gehou word.
- Word die oordrag van een fonds na die ander belas al dan nie?
- Jou eie persoonlike finansiële situasie moet jou lei in die neem van die besluit wat vir jóú die voordeligste sal wees.
- As jy by 'n pensioenfonds byvoorbeeld 'n groter enkelbedrag (maksimum een derde) sou neem, sal jou maandelikse pensioen 'n kleiner bedrag wees.
- Jou enkelbedrag (100%) wat jy van 'n voorsorgfonds kan neem, is uitsluitlik vir aftreevoorsiening en nie geld wat bestee en mee gemors kan word nie – belê dit gevolglik slegs vir aftrede.
- In die geval van 'n voorsorgfonds waarborg jou werkgewer nie meer jou aftreevoordele nie.

PLAAS JOU GELD IN 'N BEWARINGSFONDS

Fondse vanuit 'n werkgewer se pensioen- of voorsorgfonds kan natuurlik ook in 'n bewaringsfonds geplaas word. Hierdie geld kan in die bewaringsfonds gelaat word, soos volg:

- tydelik (om dit later na 'n ander werkgewer se aftreefonds oor te plaas)
- permanent (met die oog op aftrede en daarna)

Meer hieroor in afdeling 4.2.

'N BEGUNSTIGDENOMINASIE-VORM

Onthou dat jy vir jou werkgewer 'n vorm moet voltooi rakende die nominering van een of meer begunstigde(s) vir jou aftreevoordele.

JOU TESTAMENT

Verwys in jou testament na die inhoud van jou begunstigdenominasie-vorm – sorg dat die twee ooreenstem (vorm en testament).

4.2 EK GAAN BY 'N NUWE WERKGEWER WERK

Daar is 'n hele paar aspekte wat vermelding verdien as jy by 'n nuwe werkgewer gaan aansluit. Daar moet veral aandag aan die volgende vrae gegee word:

- Wil jy jou pakket in die nuwe werkgewer se aftreefonds belê?
- Gaan jy liewer 'n annuïteit kies?
- Is jy nog onseker oor waar jy jou pakket moet belê?
- Wat van 'n bewaringsfonds?

JOU NUWE WERKGEWER SE AFTREEFONDS

Indien jou nuwe werkgewer oor 'n aftreefonds beskik, sal jy die geld uit die vorige fonds na 'n bewaringsfonds moet kanaliseer. Onthou om seker te maak dat jy weet wat die verskillende voor- en nadele van vastevoordeel-, vastebydrae-, pensioen- en voorsorgfondse is (soos in afdeling 4.1 bespreek). Kyk of jou finansiële behoeftes en doelwitte by die eienskappe van die fonds sal pas.

'N ANNUÏTEIT

Ons het reeds 'n annuïteit in afdeling 4.1 bespreek. Maak verder seker dat jy die kommissiekoste in die geval van 'n annuïteitbelegging begryp. Weet ook dat jy nooit al jou voordele by 'n tradisionele annuïteit sal terugkry nie. As jy enigsins onseker is oor wat om met jou pakket te doen en jy het tyd nodig om daaroor te besluit, kan jy jou geld óf tydelik óf permanent in 'n bewaringsfonds plaas.

'N BEWARINGSFONDS

'n Bewaringsfonds is 'n tipe aftreefonds wat 'n persoon se aftreevoordele uit 'n pensioen- of voorsorgfonds in bewaring hou. Bewaringsfondse word by versekeringsmaatskappye aangetref.

Terwyl die persoon in die geval van 'n enkelbedrag-annuïteit nie aan die voordele in die fonds mag raak tot en met die ouderdom van 55 jaar nie, is dit nie die geval by 'n bewaringsfonds nie. Toegang tot die voordele is gevolglik 'n belangrike kriterium wat deeglik oorweeg moet word voordat jy 'n besluit neem.

Geld kan slegs een keer voor aftrede – wat op ouderdom 55 gestel word – onttrek word. Natuurlik is dit moontlik om die totale bedrag in die fonds te trek by hierdie eenmalige trekking. Wees gewaarsku dat jy jouself moet dissiplineer en voorkom dat jy hierdie aftreevoorsiening sommer net bestee. Hierdie toeganklikheid kan gevolglik ook 'n nadeel wees vir ongedissiplineerde mense.

Die aftree-ouderdom word vir doeleindes van bewaringsfondse omskryf as die uittrede by 'n toekomstige werkgewer wat nie voor die ouderdom van 55 jaar en nie na die ouderdom van 70 jaar mag plaasvind nie. Net so mag 'n werklose wat geld in die fonds plaas ook nie uit die fonds tree vóór ouderdom 55 en ná ouderdom 70 nie.

Die oordrag van 'n aftreepakket van 'n pensioen- of voorsorgfonds na 'n bewaringsfonds (beide tipes) geskied belastingvry. Indien die oordrag van 'n

pensioenfonds na 'n bewaringsvoorsorgfonds (in plaas van 'n bewaringspensioenfonds) plaasvind, is daar wél belastingimplikasies.

'n Voordeel van 'n bewaringsfonds is dat die jare lidmaatskap van die werknemer aan die werkgewer se fonds oorgedra kan word na die bewaringsfonds. Die jare lidmaatskap word steeds in ag geneem by die berekening van die belastingvrye enkelbedrag.

Onthou deurgaans die belangrikheid van die buigsaamheid (beheer) en verskuifbaarheid van die belegging as beleggingskriteria. Vir 'n persoon sonder geldelike dissipline moet die pakket eerder na 'n enkelbedrag-annuïteit verskuif word vir doeleindes van selfbeskerming, oftewel die beskerming van aftreevoordele (al is kommissie op dié belegging betaalbaar).

4.3 EK GAAN MY EIE BESIGHEID BEGIN OF KOOP (OOK 'N KONSESSIE)

Pakketgeld kan hier gebruik word om óf 'n bestaande besigheid te koop, óf 'n nuwe besigheid te begin.

DIE KOOP VAN 'N BESTAANDE BESIGHEID

Waar 'n bestaande besigheid gekoop word, moet 'n geoktrooieerde rekenmeester gebruik word om die finansiële state te ontleed, indien daar so iets bestaan. 'n Konsultant met kennis oor die spesifieke besigheid wat oorweeg word moet gebruik word om 'n lewensvatbaarheidstudie te onderneem. 'n Potensiële belegger (koper) moet veral let op moontlike slaggate indien daar byvoorbeeld nie finansiële state bestaan nie, of slegs swak state wat nie veel sê nie. Moet niks op sigwaarde aanvaar nie! Die volgende dokumente en gegewens kan die belegger goed gebruik:

Bankstate, depositostrokies, tjekboekteenblaaie en debiet- of aftrekorders

Die banksaldo van 'n onderneming op sigself dui nie noodwendig op gunstige of ongunstige sakebedrywighede nie, omdat private inbetalings, asook onttrekkings vir persoonlike gebruik, uit die besigheid se bankrekening gedoen kan word. Depositostrokies en/of afskrifte van bankstate kan van die bank verkry word indien die eienaar nie meer daaroor beskik nie. Tjekboekteenblaaie of afskrifte van tjeks wat teen die onderneming getrek is, kan gebruik word om uitgawes in die kasboek te help bereken. Die bank sal, met sy kliënt se verlof, besonderhede verskaf van debiet- of aftrekorders.

Belastingopgawes

Die verkoper se jaarlikse opgawe sal ook nie noodwendig 'n aanduiding van die onderneming se belasbare inkomste wees nie, omdat inkomste uit ander bronne (bv sy vrou) ook hierby ingesluit kan wees. Daar kan ook meer uitgawes aangetoon en afgetrek word (as besigheidsuitgawes) as wat werklik aangegaan is. Heel dikwels is hierdie uitgawes vir persoonlike doeleindes aangegaan.

BTW

Hierdie belasting is tweemaandeliks betaalbaar en word bereken op die bruto omset van die vorige twee maande. Opgawes is van die Belastinggaarder verkrygbaar, sou die eienaar nie daaroor beskik nie, en kan gebruik word om die bruto verkope (omset) van die onderneming te bepaal. Daar kan aanvaar word dat die werklike verkope nie laer sal wees as wat die betaalde belasting aandui nie, eerder hoër. Onthou ook dat verkoopbelasting tot September 1991 betaalbaar was.

Rekeninge: veral telefoon, elektrisiteit en water, en huurgeld

Elkeen van dié rekeninge sal ook iets van die besigheid vertel, en afskrifte behoort maklik by die betrokke instansies verkry te kan word.

Eiendomsbelasting

Indien die gebou waarin die besigheid geleë is deur die eienaar daarvan besit word, word huurgeld deur erfbelasting vervang. Die bedrag betaalbaar kan van die plaaslike munisipaliteit bekom word.

Salaris- en loonaftrekkings

Afskrifte van weeklikse of maandelikse aftrekkings van salarisse of lone vir belasting, werkloosheidsversekering, ens, kan van die Inkomstebelastingkantoor bekom word.

Leweransiers

Leweransiers kan geskakel word om inligting oor onder meer die volgende te bekom: die gemiddelde jaarlikse of maandelikse aankope; uitstaande

paaiemente (bedrae), en veral die onderneming se beeld en kredietwaardigheid. Onthou dat aankope dikwels ook vir private doeleindes kan wees.

Voorraadopnames

'n Voorraadopname sal aan die potensiële belegger toon hoeveel voorraad daar in die onderneming is. Die eienaar se kode wat die kosprys van produkte bepaal, kan vergelyk word met die leweransiers se kosprys om die winsgrens te help bepaal. Daar moet verder gelet word op moontlike beskadigde of verouderde voorraad, asook dié wat moontlik gebêre-koop word. Die kernvoorraad moet ook bepaal word.

Debiteure

'n Lys met name van alle debiteure moet van die eienaar bekom word. 'n Groot aantal debiteure wat hul verpligtinge betyds nakom, verhoog die waarde van die onderneming. Debiteure moet geskakel word ten einde hul skuldbedrae met dié op die lys te vergelyk, asook om die kredietbeleid met hulle te bespreek. Dieselfde geld vir krediteure.

Kennis van die mark

Daar moet ondersoek ingestel word na die onderneming se ligging, produkte, pryse, dienslewering en promosiebeleid en hierdie aspekte moet met dié van mededingers vergelyk word.

Personeel

Onderhoude moet met alle werknemers oor onder meer die volgende onderwerpe gevoer word: verkope, produkte, produkpryse, mededingers, kliënte, beeld van die onderneming, verhouding met eienaar, salarisse en lone, opleidingstandaard en ervaring, voorstelle vir veranderinge, algemene werktevredenheid en moontlike bedankings.

Personeeladministrasie en -bestuur

Sommige eienaars van klein besighede hou geen aantekeninge van hul werknemers se kwalifikasies, vorige ervaring, dienstydperk en selfs salarisverhogings

nie – met voorspelbare gevolge. Net so dui die afwesigheid van volledige finansiële state op swak bestuur, wat moontlik die rede kan wees waarom 'n besigheid nie so goed vaar nie. 'n Slim potensiële koper kan daarin 'n geleentheid sien.

Die bepaling van goeie trou

Goeie trou verwys onder meer na die waarde van 'n onderneming vanweë die aantal jare wat dit 'n diens lewer en die feit dat 'n bepaalde eienaar of bestuurder aan die hoof daarvan staan. Moenie te veel vir goeie trou betaal nie, omdat dit dikwels die onderneming saam met die vorige eienaar verlaat, veral as die belegger nie oor voldoende kapitaal beskik om die bestaande standaarde te handhaaf nie.

Swak voorkoms

Die voorkoms van die onderneming kan die rede wees waarom mense nie daar koop nie. 'n Nuwe kleur verf, opknappingswerk aan die gebou en 'n ander winkeluitleg kan dit totaal verander. As die gebou aan iemand anders behoort, moet 'n mens natuurlik nie te veel geld daaraan bestee nie.

Huurkontrak

Die voornemende koper moet vooraf vasstel of die huurkontrak (indien die gebou gehuur word) oordraagbaar sal wees. Indien nie moet 'n ander gebou met 'n gunstige ligging gesoek word. Die huurkontrak moet andersins noukeurig bestudeer word ten einde te bepaal wat die huurder se regte en verpligtinge is, asook presies wat gehuur word.

Werklike rede vir verkoop

Dit is moeilik om die werklike rede vir verkoop te bepaal. 'n Siektetoestand, verhuising of gesinsprobleme word gewoonlik as redes geopper. 'n Goeie finansiële ontleding verskaf gewoonlik die antwoord.

Verkoopprys

'n Lae verkoopprys dui nie noodwendig op 'n winsgewende beleggingsgeleentheid nie: dikwels op die teenoorgestelde. Net so min kan 'n hoë ver-

koopprys 'n winsgewende belegging waarborg. Kry 'n konsultant om 'n realistiese koopprys te bepaal.

DIE KOOP VAN 'N KONSESSIE ('FRANCHISE')

In Suid-Afrika neem kleinsakeondernemings daagliks toe. 'n Rede daarvoor is die talle konsessiegeleenthede.

Kleinsakeondernemings in die VSA was tussen 1980 en 1987 verantwoordelik vir 66% van all nuwe werkgeleenthede. Dieselfde gebeur in lande soos Japan (80%), Switserland, Italië, Hongkong, Korea en Taiwan (60%).

Alles dui daarop dat konsessies ('franchises') aansienlike groei in Suid-Afrika gaan toon.

Wat is 'n konsessie?

FASA (Franchise Association of South Africa) omskryf 'n konsessie of agentskap as 'n magtiging wat 'n konsessiegewer aan 'n begunstigde of konsessiehouer (agentskapbedrywer) gee om 'n volledige sakepakket te gebruik. Dié pakket verskaf die nodige elemente om selfs 'n onkundige persoon te help om die onderneming te vestig en winsgewend te bestuur.

Iemand wat volgens die konsessiegewer kwalifiseer as 'n konsessiehouer neem/koop 'n konsessie van die konsessiegewer. 'n Konsessiehouer is 'n entrepreneur wat sy eie kleinsakeonderneming bekom.

Aftreepakkette moet nie sonder meer blindelings in 'n konsessie belê word nie. Doen eers mooi die nodige huiswerk.

Voordele

'n Goeie naam is 'n groot voordeel. Bestuursbystand en voortgesette opleiding word verskaf. 'n Goeie wins kan behaal word. Ondervinding word deur die konsessiegewer oorgedra en finansiering word betreklik maklik vir 'n nuwe besigheid bekom.

Nadele

Heffings word deur die konsessiegewer gevra. Die konsessiehouer verloor sy onafhanklikheid. Al die verkoopspunte lyk eenders.

DIE BEGIN VAN 'N NUWE BESIGHEID

Daar bestaan duisende besigheidsgeleenthede. As jy 'n entrepreneur wil word, moet jy eerstens 'n besigheidsgeleentheid kan raaksien. Natuurlik moet 'n mens die risiko opweeg teenoor dit wat jy kan bekom, naamlik opbrengs, sowel as teenoor dit wat jy kan verloor, oftewel jou besittings (of 'n gedeelte daarvan) en jou gesondheid (moontlik 'n beroerte of jou lewe). Dit is egter baie belangrik dat 'n mens boonop na jou persoonlike sterkpunte (dit wat jy vanuit jou CV kan kry of oor jouself sou wou sê) moet kyk ten einde te bepaal wat jy nou eintlik sal wil doen en hopelik goed sal kan doen. Neem egter die tyd wat die besigheid in beslag sal neem in oorweging met betrekking tot jou gesinslewe en algehele lewensgehalte.

Onthou weereens: op 'n betreklik hoë ouderdom mag jy nie al jou besittings blindelings waag of daarmee dobbel nie.

Soek 'n diens of 'n produk wat nog nie bestaan nie maar wat mense se lewens makliker sal maak. Doen iets beter, goedkoper of gouer. Ja, daar is te veel geleenthede (idees wat kan werk as toekomstige besighede) om op te noem. Voorbeelde van laasgenoemde is onder meer:

- Ontwikkel 'n nuwe speletjie wat ontspanning en gesondheid bevorder.
- Lewer 'n diens deur leë kamers in woonhuise vir mense te verhuur.
- Pas op groot skaal huise op (40–50) gedurende vakansies.
- Soek werk vir ander mense.
- Leer ouers se kinders tuis hoe om bepaalde vaardighede te bemeester.
- Bemark gesondheidsprodukte.
- Doen onderhoud aan woonhuise.
- Vervoer klein goedere vinnig tussen stede.
- Help mense om vakansies te beplan.

- Neem mense op toere (Wildtuin, Tuinroete, Kalahari).
- Leer mense lewensvaardighede.
- Maak iets vir die vlooimark.
- Verkoop iets op die vlooimark.
- Begin 'n kleuterskool.

Sekere idees sal nie binne jou bereik skyn te wees nie, vanweë onder meer 'n gebrek aan kennis, fondse, vaardighede en finansiering. Gaan sit en beplan totdat hulle wel binne jou vermoë val of kies dié waarvoor jy reeds kans sien.

Jy werk dus van 'n idee na 'n besigheidsgeleentheid en daarna stel jy 'n besigheidsplan op.

Watter besigheidsvorm moet ek kies?

Nadat jy jou besigheid vir belastingdoeleindes geregistreer het, moet jy ook die naam van jou besigheid registreer. Daarna moet jy die besigheid in die vorm van 'n eenmansaak, 'n vennootskap, 'n beslote korporasie of 'n maatskappy bedryf.

As jy alleen in die besigheid is, moet jy dit as 'n eenmansaak of as 'n beslote korporasie bedryf. As julle twee of drie is, kan julle 'n vennootskap of 'n beslote korporasie vorm. Ek beveel 'n beslote korporasie as besigheidsvorm vir jongmense aan.

- *'n Eenmansaak:* Dié besigheid het net een eienaar wat alleen in die winste, risiko's en verliese deel. Die alleeneienaar kan nooit sy inkomste skei van dié van die eenmansaak nie.
- *'n Vennootskap:* Twee tot twintig persone kan 'n vennootskap vorm. Net soos 'n eenmansaak, bestaan 'n vennootskap ook nie afsonderlik van die vennote as dit kom by verantwoordelikheid vir die skuld van die vennootskap nie.
- *'n Beslote korporasie:* Een tot tien persone kan 'n beslote korporasie (BK) vorm. Lede van die BK is beperk aanspreeklik (in 'n mate) vir die skuld van die BK, met ander woorde lede se persoonlike bates word beskerm. Dit is beslis die mees geskikte vorm vir jongmense om 'n eie besigheid te begin. Daar is talle belastingvoordele.
- *'n Privaatmaatskappy:* Een tot vyftig persone kan so 'n maatskappy vorm. Net soos 'n BK is 'n maatskappy 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan. Dit is baie meer ingewikkeld om te stig as 'n BK en is onderworpe

aan baie meer wetsvereistes. Behalwe vir doeleindes van boedelbeplanning, is 'n BK die mees geskikte besigheidsvorm om te kies.

Stel eers 'n besigheidsplan op

'n Besigheidsplan of sakeplan sit al jou besigheid se aktiwiteite en aspekte uiteen. 'n Besigheidsplan dui aan wat, hoe, wanneer en waarom die entrepreneur dit wil doen wat die besigheid veronderstel is om te doen. Die voordele wat 'n besigheidsplan vir die entrepreneur inhou, is onder meer die volgende:

- Dit dwing die entrepreneur om objektief na die besigheid te kyk.
- Navorsing word oor talle aspekte van die te stigte besigheid gedoen.
- Besigheidsplanne word nie slegs neergeskryf nie, maar ook in finansiële terme uitgedruk.
- Die plan kan aan die verskaffers van fondse (banke, sakepersone) voorgelê word ten einde fondse te bekom vir die finansiering van besigheidsaktiwiteite.
- Die entrepreneur word gedwing om sy/haar bestuursvermoëns en hulpbronne (bates, personeel) te evalueer.
- Risiko's, geleenthede, bedreigings, sterk- en swakpunte word geïdentifiseer.

'n Besigheidsplan kan onder meer die volgende bevat:

- 'n Buiteblad met die naam van die onderneming, eienaar se besonderhede en besigheidsembleem, asook 'n inhoudsopgawe waarin die struktuur van die besigheidsplan aangedui word.
- Beskryf die rede waarom die tipe onderneming gekies is. Dui die lewensvatbaarheidstudie ('n studie wat vooraf gedoen is om die kanse van die onderneming om te slaag, te bepaal) met die ondernemingsdoelwitte aan.
- Beskryf die onderneming met verwysing na die produk/diens, die mark (diegene wat die produk/diens gaan gebruik) en ligging.
- Verskaf 'n bemarkingsplan (verkoopplan) vir die besigheid se produk/diens.
- Stel 'n finansiële plan op (uitgawes, inkomste, kapitaalbehoeftes, inkomste- en balansstaat, gelykbreekpunt, eie fondse) wat die finansiële aktiwiteite en administrasie aandui.
- 'n Personeelplan (aantal werknemers, posvereistes) word verder vereis.
- Wys deur die nodige feite en motiverings in 'n samevatting waarom die onderneming en die aansoek om fondse (finansiering) sal slaag.

Sakeversekering

Beskerm jouself en jou belegging!

Wanneer 'n besigheid gekoop of begin word, moet die belegger sakeversekering (beskerming) uitneem in die vorm van 'n lewenspolis.

Beskermingsbeplanning is nie slegs vir diegene wat vir 'n werkgewer werk nie, maar ook vir dié wat vir hulself werk. Mense wat op die een of ander manier by 'n onderneming betrokke is, behoort hulle teen alle moontlike sakerisiko's te beskerm. As die onderneming (om watter rede ook al) gesluit moet word, kan dit ernstige finansiële implikasies vir die lid (BK), vennoot of aandeelhouer (MPY) inhou.

Versekering is dan ook dié metode om individue teen sakerisiko's te beskerm.

Koop-en-verkoopooreenkomste

Die doel van dié soort ooreenkoms is

- om die kontinuïteit van die onderneming te verseker
- om reserwes vir onvoorsiene gebeure op te bou

Ingevolge dié soort polis gaan al die vennote en aandeelhouers van die onderneming 'n koop-en-verkoopooreenkoms aan. Dié ooreenkoms verplig hulle om in die geval van dood hul aandeel aan die oorblywende vennote of aandeelhouers te verkoop. Net so word die oorblywende vennote of aandeelhouers verplig om die oorledene se aandele te koop.

'n Metode vir die waardering van die oorledene se aandeel word ook gestipuleer in die ooreenkoms.

'n Lewenspolis op byvoorbeeld die lewens van alle vennote, direkteure of aandeelhouers (groot) sou die oplossing wees. Sodoende sal 'n kontantreserwe opgebou word waarmee die oorblywendes (wat dié polis op die oorledene se lewe uitneem) die oorledene se aandeel kan koop.

Vennootskapsversekering

Die hoofdoel van dié soort versekering is om in die geval van dood van 'n vennoot voldoende kontant aan die ander vennote te voorsien om die oorledene se aandeel in die vennootskap te kan koop.

Die oorledene se boedel moet dus vergoed word vir sy deel van die ven-

nootskap se bates. Vennote wil graag keer dat die oorledene se deel in verkeerde hande beland wat hulle nie in die vennootskap wil hê nie (vir watter redes ook al).

Gesamentlike lewenspolis

Dié polis word uitgeneem op die lewens van twee vennote (selde meer as twee). Die koste hieraan verbonde is laer as wat dit sou wees vir twee individuele lewenspolisse. Die polis betaal uit en eindig dus by die dood van die eerste van die twee vennote. 'n Nuwe polis moet daarna uitgeneem word.

Individuele lewenspolis

'n Vennoot kan 'n polis op die ander vennote se lewens uitneem. Die ooreenkoms tussen die vennote sal dan lui dat dié polis gebruik moet word om die oorledene se aandeel in die vennootskap te koop. Die oorblywende vennote sal egter die premies van die lewenspolis moet betaal. Sodoende word die polisopbrengs as kapitaal beskou en hoef hulle nie inkomstebelasting daarop te betaal nie. Dié premies is natuurlik nie aftrekbaar vir doeleindes van inkomstebelasting nie.

Eiendomsbeperktemaatskappy-versekering

'n Maatskappy is 'n regspersoon, en bestaan afsonderlik van sy aandeelhouers. 'n Eiendomsbeperkte maatskappy kan selfs oor net een aandeelhouer beskik.

Konflik kan om die volgende redes ontstaan tussen die oorblywende aandeelhouers en die erfgename:

- Die aandeelhouers wil toekomstige groei bewerkstellig, terwyl die erfgename onmiddellik 'n inkomste verlang.
- Vir die aandeelhouers is salarisse van primêre belang en dividende sekondêr, terwyl die erfgename hoë dividende verlang.
- Die erfgenaam mag die aandele aan 'n vreemdeling, selfs 'n mededinger, verkoop.

Konflik, agterdog en selfs hofsake kan dus volg.

Die enigste moontlike oplossing om al die negatiewe gevolge te voorkom, mag wees om die oorledene se aandele te koop deur 'n koop-en-verkoopooreenkoms, ondersteun deur 'n lewensversekeringspolis.

Beslote korporasies

'n Beslote korporasie (BK) is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede bestaan. Die BK kan versekeringspolisse uitneem op die lewens van sy lede met 'n belang in die korporasie, om later met 'n lid se ongeskiktheid of afsterwe sy belang te koop.

Professionele ingelyfde maatskappye

Die aandeelhouers van 'n professionele ingelyfde maatskappy mag ook versekeringspolisse uitneem op dieselfde grondslag as aandeelhouers van 'n eiendomsbeperkte maatskappy.

Polisse op die lewens van werknemers

Sleutelpersoonversekering

'n Onderneming het dikwels een of meer mense in diens wat 'n groot bydrae lewer tot winsgewendheid. Die werkgewer kan hom egter beskerm teen verliese deur sleutelpersoonversekering op die betrokkene se lewe uit te neem.

Versekering om 'n spesifieke las te dek

- om 'n oortrokke rekening te verseker
- om 'n persoonlike waarborg te dek
- om 'n aandeelhouer se leningsrekening te dek
- om 'n verbandlening te dek
- om 'n kontantreserwe te voorsien

Dit is belangrik om kennis van die verskillende sakeversekeringspolisse asook die behoefte waarin hulle kan voorsien, te dra.

4.4 EK MOET MY PAKKET BELÊ VIR AFTREDE – WATTER BELEGGINGSALTERNATIEWE KAN EK GEBRUIK?

BELÊ JY VIR AFTREDE, IS JOU PRIMÊRE DOELWIT FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID NÁ AFTREDE

ONTHOU OOK JOU EIE PERSOONLIKE FINANSIËLE BEHOEFTES EN DOELWITTE, MAW JOU LEWENSTYL EN LEWENSTANDAARD

Tydens die bespreking van 'n pakketbelegging vir aftrede is dit geensins moontlik om breedvoerig aandag te skenk aan al die moontlike finansiële situasies waarin jy as belegger jou kan bevind nie. Hier word veral gedink aan:

- ouderdom
- gesinsamestelling
- finansiële behoeftes en doelwitte
- die magdom finansiële produkte en ander beleggings waarmee dieselfde aftreedoelwitte bereik kan word
- verskillende boedel- en inkomstebelastingdoelwitte
- die moontlikheid van buitelandse beleggings (sien afdeling 4.5) vir randverskansing
- emigrasie
- toekoms- en loopbaanbeplanning vir kinders
- die tempo waarteen beleggingsprodukte verander
- veranderings in sowel plaaslike rentekoerse as die wisselkoers

Dit behoort reeds duidelik te blyk dat daar slegs breë riglyne verskaf kan word omdat dit hier gaan oor die belegging van pakkette (of ander enkelbedrae) deur die breë Suid-Afrikaanse beleggerspubliek. Elke potensiële en voornemende belegger moet self bepaal waar hy of sy staan met betrekking tot al die stappe en aksies wat sal lei tot die uiteindelike belegging van die pakket vir aftrede. Net so sal sekere beleggers meer in bepaalde produkte glo as ander, terwyl die eiendomsmagnaat nog steeds in eiendom sal belê en die multi-miljoenêr-sakeman in bepaalde sakebelange. Dit is ook nie verkeerd nie en maak die lewe nog interessanter.

Die belegging van die pakket moet nie as die einde van jou lewe beskou word nie, maar as 'n geleentheid of avontuur waartydens jy hopelik baie kennis gaan opdoen. Verder behels die belegging 'n proses van opeenvolgende besluite wat tot finansiële gemoedsrus moet lei.

Hierdie bespreking moet natuurlik verder saamgelees word met van die ander hoofstukke in hierdie boek en moenie in isolasie gesien word nie. Die rede is hoofsaaklik dat 'n mens nie weer alle relevante sake hier kan bespreek nie. Daar sal kortliks hier en daar na enkele begrippe in ander hoofstukke verwys word, sodat daar tog ook meer perspektief aan hierdie bespreking gegee kan word. Niemand kan dus slegs hierdie hoofstuk lees en op grond daarvan die finale en korrekte beleggingsbesluit neem nie.

DINK VERAL AAN DIE VOLGENDE ...

Jou inkomstegaping ná aftrede (pensioenaanvulling)

Die inkomste wat die meeste mense ná aftrede uit hul pensioenvoorsiening ontvang, is aansienlik laer as wat hulle gedurende hul werksjare in die vorm van 'n salaris verdien het. Daar ontstaan gevolglik 'n inkomstegaping wat deur middel van addisionele voorsiening vir aftrede gevul moet word. Sodoende kan dieselfde lewenstandaard as vóór aftrede gehandhaaf word. Figuur 4.1 gee jou 'n aanduiding van die inkomstegaping wat jy self moet vul, tensy jy met 'n baie laer lewenstandaard tevrede sal wees. Jou beleggings moet dus sodanig gemaak word dat jou netto inkomste ná aftrede gelyk is aan jou netto inkomste vóór aftrede.

Figuur 4.1 Inkomstegaping ná aftrede (Swart 1996:580)



Tabel 4.1 gee 'n aanduiding van die nodige persentasie addisionele voorsiening wat jy moet maak om dieselfde lewenstandaard (dieselfde inkomste) ná aftrede te kan handhaaf.

Tabel 4.1 Persentasie benodigde addisionele aftreevoorsiening (Swart 1996: 582, 583)

Jare tot aftrede	Persentasie van huidige inkomste benodig om voorsiening aan te vul								
	8,0%	9,0%	10,0%	11,0%	12,0%	13,0%	14,0%	15,0%	16,0%
10	13,63	15,58	17,45	19,50	21,46	23,41	25,37	27,33	29,29
11	15,41	17,32	19,49	21,67	23,84	26,01	28,19	30,38	32,53
12	16,69	19,08	21,48	23,87	26,26	28,66	31,05	33,44	35,84
13	18,26	20,88	23,50	26,11	28,73	31,35	13,96	36,58	39,20
14	19,86	22,71	25,55	28,40	31,24	34,09	36,93	39,78	42,62
15	21,49	24,57	27,65	30,72	33,80	36,88	39,93	43,03	46,11
16	23,15	26,46	29,78	33,09	36,40	39,72	43,03	46,34	49,65
17	24,84	89,23	31,94	35,50	39,05	42,61	46,16	49,71	53,27
18	26,55	30,35	34,15	37,95	41,75	45,55	49,35	53,14	56,94
19	28,30	32.35	36,40	40,45	44,50	48,54	52,59	56,64	60,69
20	30,08	34,39	38,69	42,99	47,29	51,59	55,89	60,20	64,50
21	31,90	36,46	41,02	45,58	50,14	54,70	59,26	63,82	68,38
22	33,74	38,56	43,39	48,21	53,03	57,86	62,68	67,51	72,33
23	35,62	40,71	45,80	50,89	55,98	61,08	66,17	71,26	76,35
24	37,53	42,89	48,26	53,62	58,99	64,35	69,72	75,08	80,45
25	39,48	45,12	50,76	56,40	62,05	67,69	73,33	78,97	84,61

Jy sal ná 20 jaar fondslidmaatskap (pensioen- of voorsorgfonds) met ongeveer 40% van jou finale salaris aftree. Sou jy met 90% daarvan wil aftree, is jou inkomstegaping dus 50% (90–40). Sou jy dus nog 16 jaar oorhê vóór jou beplande aftrede, moet jy (sien die tabel) 16% (teenoor 49,65 – ±50%) van jou huidige salaris addisioneel belê vir aftrede.

BELÊ EERSTENS VIR JOU LEWENSONDERHOUD

Jou pakket moet dus só belê word (vóór enige ander oorweging of besluit) dat jy jou inkomstegaping kan vul met addisionele maandelikse inkomste.

Jy kan jou inkomstegaping bepaal deur 'n tabel vir periodes van 5, 10, 15, 20, 25, 30, 35 en 40 jaar op te trek. In die tabel moet jy veral twee jaarlikse syfers bepaal, naamlik jou

- nabelaste jaarlikse lewenskoste
- nabelaste jaarlikse pensioeninkomste

Deur jou pensioeninkomste van jou lewenskoste af te trek kan jy jou inkomstegaping/inkomste-oorskot per jaar bepaal. Nou sal jy kan sien in watter mate jy jou pakketbelegging vir inkomste of vir kapitaalgroei moet aanwend.

Inflasie gaan jou pensioen/kapitaal verteer

Jy moet onthou dat stygende lewenskoste 'n werklikheid is en die invloed daarvan op sowel jou inkomste as jou kapitaal gevoel kan word. Jaarlikse stygings (eintlik slegs aanpassings) in pensioeninkomste is deurgaans laer as die werklike inflasiekoers met die gevolg dat jou pensioen elke jaar minder werd word. Jou lewenstandaard daal gevolglik jaar na jaar.

BELÊ SODAT JOU MAANDELIKSE INKOMSTE (PENSIOEN) MET MEER STYG AS DIE INFLASIEKOERS (STYGING IN LEWENSKOSTE)

Beskerm en vermeerder jou kapitaal

Jou kapitaal moet beskerm en vermeerder word ten einde jou algemene welvaart te verhoog. Net so kan jou maandelikse pensioen dan ook makliker of met meer verhoog word uit hierdie verhoogde kapitaalbronne. Namate jou kapitaal groei, kan jou lewenstandaard verhoog word en jy toenemend (in lyn met jou kapitaalgroei) 'n gemakliker lewenstyl aanleer. Meer luukshede kan sodoende aangeskaf en/of benut word (duurder vakansies, reise, oorsese reise, ens).

BELÊ DUS VIR KAPITAALGROEI

Onthou om self jou behoeftes en inkomstegaping te help bepaal ten einde die betaling van onnodige kommissie (vanweë die makelaar se subjektiewe betrokkenheid) te voorkom.

Speel klaar met sekere skuld

Daar bestaan hoofsaaklik twee tipes skuld, naamlik die wat in die normale gang van ons lewe gebruik word en die wat gebruik word om bates te bekom (bv 'n woning) of 'n besigheid te finansier. Waar skuld gebruik word om 'n inkomste mee te verdien, is dit nie raadsaam om die skuld met jou pakket af te los nie (tensy jy ernstige kontantvloeiprobleme ondervind), omdat die rente op die skuld belastingaftrekbaar is. Die gevolg is dat laasgenoemde aftrekbaarheid die opbrengs op jou eie kapitaal wat jy gebruik het, verhoog.

Net so is dit nie wys om slegs jou eie geld in só 'n besigheid te steek sonder om van skuld (geleende of vreemde kapitaal) gebruik te maak nie. Jy moet juis nie al jou eie geld op dié manier waag nie. Belê eerder 'n deel daarvan vir kapitaalgroei in geval jou besigheid misluk en jy op die kapitaal moet terugval vir 'n voortbestaan.

Dit is wel wys om jou korttermynskuld (gewone rekeninge) te betaal asook jou huisverband indien jy nie meer 'n subsidie op 'n deel daarvan ontvang nie. Ontvang jy byvoorbeeld nog 'n subsidie tot op R75 000, kan jy alle skuld bó dié bedrag aflos omdat die maandelikse paaiement bo R75 000 nie deur 'n werkgewer gesubsidieer word nie.

BETAAL ALLE SKULD SONDER SUBSIDIE- EN BELASTINGVOORDELE

Deur 'n deel van jou pakket in jou huisverband (sonder subsidie) te belê, ontvang jy 'n belastingvrye opbrengskoers wat gelyk is aan jou verbandrentekoers (die rentekoers wat jy betaal op jou verbandlening).

Die meeste mense wat 'n woonhuis besit, het die koop gefinansier met 'n verband wat by wyse van maandelikse paaiemente oor 'n tydperk van minstens twintig jaar afbetaal word ('n tydperk van dertig jaar word ook toegestaan).

Wat talle mense nie besef nie, is dat hulle in hierdie twintig jaar (of langer) tot meer as vier keer die aanvanklike leningsbedrag aan die verbandhouer terugbetaal. Dit duur langer as sestien jaar (van die twintigjaartermyn) om maar die helfte van die aanvanklike leningsbedrag terug te betaal.

Dis dus vanselfsprekend dat baie min beleggings dieselfde voordele as 'n verbandafbetaling kan lewer, veral in tye van hoë rentekoerse. Die huiseienaar (verbandgewer) kan deur sy maandelikse premie met 10 persent te verhoog, die terugbetalingstermyn van twintig jaar met bykans die helfte verminder. Jy kan 'n hoë opbrengs verdien deur 'n enkelbedrag op die verband af te betaal.

Gestel iemand koop 'n woonhuis en finansier dit deels met 'n verband van R100 000 wat oor 'n tydperk van twintig jaar teen 'n rentekoers van 15,5 persent betaal moet word. Die maandelikse paaiement beloop R1 353,88. Die koper moet dus 240 paaiemente van R1 353,88 elk aan die verbandhouer terugbetaal.

Maar kom ons kyk wat gebeur indien die maandelikse premie met net 10 persent (oftewel R135,39) verhoog word. Die nuwe paaiement is nou R1 489,27 per maand. Die nuwe verbandtermyn verkort tot ongeveer dertien jaar of 156 maande. 'n Besparing van R113 726 (R1 353,88 x 84 maande) word gevolglik verkry deur hierdie verhoging. Die addisionele inbetaling van R21 120 (R135,39 x 156 maande) moet natuurlik van die R113 726 afgetrek word, wat 'n netto besparing van R92 605 beteken.

Aan die einde van die dertiende jaar kan 'n tweede, heelwat kleiner eiendom (woning) aangeskaf word – moontlik met die oog op aftrede. Die 'besparing' (dit wat die huiseienaar in elk geval oor twintig jaar sou betaal) kan aangewend word om so 'n eiendom te finansier en 'n huurder kan dié verband help betaal.

Gestel aan die ander kant 'n persoon beskik oor 'n bedrag van R20 000 wat belê kan word. Alhoewel korttermynskuld bykans altyd eerste afgelos moet word, sou ek steeds voorstel dat 'n afbetaling (dws 'n belegging) op die huisverband gemaak moet word:

- Die belegging se opbrengs is belastingvry, ongeag die grootte daarvan.
- Die verbandtermyn word baie korter.
- Derduisende rande word aan rente bespaar, veral as die belegging met 'n verhoogde maandelikse premie gekombineer kan word.
- Die opbrengs op die belegging is hoog, dis gewaarborg en daar is geen risiko aan verbonde nie.

Kyk ook na hierdie sommetjie: Die eienaar betaal R20 000 ekstra aan sy huisver-

band af enkele maande nadat 'n huis gekoop en dit met 'n verband van R100 000 gefinansier is. Die verbandbedrag daal met R20 000 tot R80 000 en die verbandtermyn (teen dieselfde paaiement) beloop nou slegs nege jaar (ongeveer 112 maande). Met 'n verdere 10 persent-verhoging van die paaiement word die termyn tot 7,7 jaar (92 maande) verkort.

In tabel 4.2 hieronder word die opbrengs van so 'n gedeeltelike paaiementdelging ook ten opsigte van belastingvoordele uiteengesit (want onthou, dis in effek 'n belastingvrye belegging). Gestel 'n persoon se marginale belastingkoers is 40% en die rentekoers op sy huisverband is 15%. Dan bied 'n belegging in sy huisverband 'n voorbelaste opbrengs van 25% per jaar. Sou verbandkoerse styg tot 18%, verdien die persoon 30% (voorbelaste) rente op sy belegging.

Tabel 4.2 Voorbelaste opbrengs op verbanddelging (Swart 1996:347)

Marginale belastingkoers	Jaarlikse rentekoers op jou verband												
	12%	13%	14%	15%	16%	17%	18%	19%	20%	21%	22%	23%	24%
10%	13,3	14,5	15,6	16,7	17,8	18,9	20,0	21,1	22,2	23,3	24,4	25,6	26,7
15%	14,1	15,3	16,5	17,7	18,8	20,0	21,2	22,4	23,5	24,7	25,9	27,1	28,2
20%	15,0	16,2	17,5	18,8	20,0	21,3	22,5	23,8	25,0	26,3	27,5	28,8	30,0
25%	16,0	17,3	18,7	20,0	21,3	22,7	24,0	25,3	26,7	28,0	29,3	30,7	32,0
30%	17,1	18,6	20,0	21,4	22,9	24,3	25,7	27,1	28,6	30,0	31,4	32,9	34,3
35%	18,4	20,0	21,5	23,1	24,6	26,2	27,7	29,2	30,8	32,3	33,8	35,4	36,9
40%	20,0	21,7	23,3	25,0	26,7	28,3	30,0	31,7	33,3	35,0	36,7	38,3	40,0
45%	21,8	23,6	25,5	27,3	29,1	30,9	32,7	34,5	36,4	38,2	40,0	41,8	43,6
50%	24,0	26,0	28,0	30,0	32,0	34,0	36,0	38,0	40,0	42,0	44,0	46,0	48,0
55%	26,6	28,8	31,1	33,3	35,6	37,8	40,0	42,2	44,4	46,7	48,9	51,1	53,3

Hierdie afbetaalde gedeelte van die huisverband kan natuurlik later weer opgeroep word vir 'n noodgeval of om iets anders te finansier. So 'n stap moet baie sorgvuldig oorweeg word, want daar is ook nadele aan verbonde.

Sou 'n 'verbandbelegging', soos hierbo uiteengesit, met iets soos 'n vaste deposito vergelyk word, staan 'n mens verstom oor die verskil. Op 'n opbrengs van 16% (by die vaste deposito) moet nog belasting betaal word terwyl die waarde van die beleggingsbedrag verder daal teen die inflasiekoers. Daarby moet geld vir lang tye vas belê word om 16% te verdien, en dan kan die belegger nie daaraan raak nie. Dieselfde gebeur met 'n belegging in versekering.

Versprei jou finansiële/totale beleggingsrisiko

Die begrip diversifikasie beteken om jou risiko te versprei oor verskillende beleggings. Jy moet byvoorbeeld nie al jou geld in Krugerrande belê of alles in 'n spesifieke bedryf nie (tensy die bedryf nie veel deur ekonomiese en politieke gebeure geraak kan word nie). Jy kan byvoorbeeld diversifiseer deur jou pakket in kontant, staatseffekte, vaste eiendom en effektetrusts (aandele) te belê.

Dit beteken nie dat jy nou te alle tye moet belê in wat ook al die laagste risiko het nie, maar dat jy moet verseker dat 'n bepaalde ekonomiese, politieke of finansiële situasie (plaaslik sowel as internasionaal) nie jou totale beleggingsportefeulje in duie kan laat stort nie. Jy kan jou beleggingsrisiko die beste versprei (diversifiseer) deur sodanig te belê dat jou beleggings op verskillende tydstippe in waarde daal en toeneem. Sodoende daal die gemiddelde risiko van al jou beleggings omdat jy nie al jou eiers in een mandjie geplaas het nie.

DIVERSIFISEER – PLAAS JOU EIERS IN MEER AS EEN MANDJIE

Die ideaal is ook om by dieselfde belegging vir 'n gegewe opbrengs die laagste risiko te kry. Net so sal ons ook vir 'n gegewe risikovlak die hoogste opbrengs wil hê.

GAAN RISIKO AAN VOLGENS JOU BELEGGINGSBEHOEFTES

As jy byvoorbeeld oor onvoldoende kapitaal beskik en vind (tesame met jou makelaar) dat jy meer riskant sal moet belê, is dit in orde. Jy het miskien tot nou toe heeltemal te konserwatief belê en nooit enige risiko aangegaan nie. Dit kan altyd op die lang duur teen jou tel omdat jy nie toegelaat het vir voldoende kapitaalgroei nie.

IS JOU LANDRISIKO TE HOOG?

As ons nog wyer kyk en al ons eiers in Suid-Afrikaanse beleggings (bates) het, kan dit dalk nodig wees om 'n gedeelte of jou hele pakket in die buiteland te belê. Sodoende sal jy jou

- internasionale risiko verlaag
- internasionale welvaart verhoog

Lees meer oor buitelandse beleggings in afdeling 4.5 (net hierna).

Maniere om inkomste aan te vul

Inkomste kan selfs uit 'n noodfonds aangevul word, byvoorbeeld 'n vaste deposito, 32-dae-kennisgewing-deposito's, geldmarkfondse en inkomstetrusts. Ten tye van hoë rentekoerse is geldmarkfondse natuurlik veel meer as 'n noodfonds. Ek verwys net na vaste deposito's en 32-dae-kennisgewing-deposito's vanweë hulle rente-inkomste, maar dit is nie 'n goeie opsie as jy jou pakket wil belê nie. Dit is wel moontlik om jou pakket tydelik in 'n geldmarkfonds te plaas (by hoë rentekoerse) waarna dit oorgeplaas kan word na inkomsteplanne, gekoppelde produkte of as deel van 'n gestruktureerde fonds.

Geldmarkfondse

GELDMARKFONDSE IS GOEIE KORTTERMYNBELEGGINGS

Suid-Afrika is heelwat agter verskeie ander lande in soverre dit kom by geldmarkfondse as beleggingsinstrumente. Die eerste geldmarkfonds is in 1971 in die VSA gestig en tien jaar later (1981) in Frankryk as teenreaksie op beperkende finansiële wetgewing. In Suid-Afrika kon die klein belegger nog nooit direk in die geldmark belê nie vanweë die grootte van die minimum bedrag (R100 000) wat belê moes word. Geldmarkfondse bied beleggers nou die geleentheid om op 'n stokvel-wyse 'n hoë opbrengs op gesamentlike beleggings te verdien.

Wat is 'n geldmarkfonds?

Dit is 'n effektetrust wat as korttermynbeleggingsinstrument dien en ten doel het om 'n lopende inkomste aan beleggers te verskaf. 'n Geldmarkfonds belê 'n groot aantal beleggers se gesamentlike beleggings in die geldmark. Die kapitaal is veilig (lae risiko) omdat daar belê word in staats- en ander openbare sekuriteite, skatkiswissels, skuldbriewe, bankdeposito's en ander toegelate geldmarkinstrumente met 'n looptyd van nie langer as 12 maande nie.

Vir watter situasies is dit veral geskik?

- individue met 'n minimum van R2 000 om te belê (wissel van instansie tot instansie)
- indien jy 'n maandelikse beleggingsinkomste verlang

- as jy op soek is na 'n risikovrye belegging
- indien jy 'n betreklik groot bedrag vir 'n kort periode wil belê
- vir diegene wat 'n noodfonds wil skep waar die belegging binne 'n dag tot hul beskikking is
- waar boedelgeld tydelik belê moet word
- waar kerke of skole deurlopende inkomste benodig
- indien algehele likiditeit verlang word
- waar trustgeld relatief hoë rente kan verdien

Wat is die minimum beleggingsbedrag?

Instellings verskil aansienlik. Die minimum aanvanklike belegging is R2 000. Die minimum opvolgende belegging is R2 000 of R200 indien per debietorder belê word.

Die minimum verlangde saldo

R2 000 (net 'n sekere instelling). Dit verskil tussen instellings.

Wat is die koste?

Aanvangsheffing: 1,5% op R2 000 – R99 999
1,0% op R100 000 – R999 999
0,6% op R1 000 000 en meer
Diensgeld: 0,6% (reeds ingesluit in daaglikse gekwoteerde koers)

Geldmarkfondse versus effektetrusts

Alhoewel sekere effektetrusts, byvoorbeeld inkomstetrusts, inkomste bied, is die primêre doelwit van ander effektetrusts dié van kapitaalgroei. Geldmarkfondse is gemik op die beskerming van kapitaal asook hoë inkomste. Effektetrusts belê in die aandele van genoteerde maatskappye. Geldmarkfondse belê in geldmarkinstrumente. Die risiko van geldmarkfondse is baie laer as by effektetrusts. By effektetrusts is die termyn veronderstel om langer as drie jaar te wees, terwyl dit by geldmarkfondse van een dag tot 12 maande kan wees. Beide se inkomste is ten volle belasbaar. Rente word sesmaandeliks by effektetrusts en maandeliks by geldmarkfondse betaal. Beide is baie likied.

Geldmarkfondse versus vaste deposito's

Rentekoerse wissel by geldmarkfondse en is vas vir die termyn by vaste deposito's. By geldmarkfondse kan die belegging (uitgesluit die minimum saldo) binne een dag bekom word. Vaste deposito's kan na 'n vaste termyn bekom word. Geldmarkfondse is dus meer likied. By beide is die rente/inkomste ten volle belasbaar. Rentekoerse is hoër by geldmarkfondse as by vaste deposito's. Die risiko is laer by geldmarkfondse as by vaste deposito's.

Voordele van geldmarkfondse

- Klein beleggers kan daarin belê.
- Die belegging is baie likied.
- Dit bied 'n hoër opbrengs as ander korttermynbeleggings wat 'n inkomste bied.
- Dit is meer gediversifiseerd as ander soortgelyke beleggings.
- Die mededinging wat dit veroorsaak sal beter dienslewering tot gevolg hê.
- Die belegger se kapitaal is baie veilig.
- Dit is geskik vir risikovermyders.
- Dit verskaf 'n hoë opbrengs tydens inflasionistiese toestande.
- Geen verkoopskommissie is betaalbaar nie.

Nadele van geldmarkfondse

- Geen vaste opbrengs word gewaarborg nie.
- Geen Suid-Afrikaanse geskiedenis ('track record') bestaan vir potensiële beleggers nie.
- Fondsbestuurders is nog 'onervare'.

Hoe om 'n geldmarkfonds te kies

Daar kan verwag word dat die opbrengste tussen geldmarkfondse maar betreklik min sal verskil. Gevolglik sal daar nie slegs op grond van opbrengste gekies kan word nie. Die grootte van die fonds speel 'n verdere rol. Groter fondse behoort hoër rentekoerse te betaal vanweë die laer administrasiekoste. Hoe korter die beleggingsperiode van die instrumente waarin geldmarkfondse belê, hoe veiliger is die geldmarkfondse.

'n Uittree-annuïteit kan verder gebruik word om inkomste aan te vul. Net so kan 'n deel van jou pakket (as enkelbedrag) gebruik word om 'n jaargeld (vry-

willige annuïteit) aan te koop ('n pensioen, met ander woorde). 'n Enkelbedrag word gevolglik gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop. 'n Tweedehandse polis is 'n verdere opsie.

Moet nooit vergeet dat daar iets soos inkomsteproduserende vaste eiendom (talle tipes) bestaan waarin vir doeleindes van 'n maandelikse inkomste belê kan word nie. Natuurlik sal dit met meer sorge en dikwels eie bestuursvereistes gepaard gaan.

Vra ook jou makelaar of staatseffekte op hierdie stadium goed benut kan word as inkomsteproduserende beleggingsalternatief.

Uittree-annuïteite

Belê in 'n uittree-annuïteit en geniet die belastingvoordele wat die wet toelaat. 'n Annuïteit is 'n reeks betalings of beleggings wat in gelyke paaiemente geskied.

'n Uittree-annuïteit is 'n belastingvriendelike manier om voorsiening vir aftrede te maak. Vir elke R100 wat in 'n uittree-annuïteit belê word, word R45 (45%) weer van die belastinggaarder terugontvang. Die belegger betaal gevolglik slegs R55 vir elke belegging van R100 (mits sy marginale belastingkoers 45% is).

Indien jy reeds oor 'n goedgekeurde vierjaar- naskoolse kwalifikasie beskik, neem jy 'n PPS-annuïteit uit. Die opbrengs is hoër as by ander annuïteite vanweë die laer risiko wat lede inhou. 'n PPS-annuïteit is slegs bedoel vir professionele persone wat oor 'n vierjaar-kwalifikasie beskik en word slegs deur Sanlam aangebied/onderskryf. (PPS staan vir die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika/Professional Provident Society of South Africa.) 'n PPS-annuïteit is 'n gewone uittree-annuïteit en funksioneer in breë trekke dieselfde, behalwe dat ekstra belastingvrye dividende uitgekeer word vir elke aandeel wat besit word.

Tussen die ouderdom van 55 jaar en 70 jaar moet die uittree-annuïteit se opsie uitgeoefen word, met ander woorde

- Die belegger moet een derde van sy totale belegging as 'n enkelbedrag neem en dit weer belê (herbelê).
- Die oorblywende twee derdes moet gebruik word om 'n verpligte annuïteit te koop.

Die verpligte annuïteit kan óf 'n tradisionele annuïteit óf 'n moderne

lewende/buigsame annuïteit wees. 'n Tradisionele annuïteit kan op die lewe van 'n enkele individu of op albei gades (man en vrou) se lewens wees. Na die dood van die enkele individu verval alle verdere voordele. In die geval van dood by 'n gesamentlike annuïteit ontvang die langslewende 'n inkomste tot en met sy/haar dood. In geval waar albei persone nog leef (ná uitoefening van die opsie) is daar verskillende inkomstekombinasies waaruit daar gekies kan word. Ouer persone, asook diegene wat rook, sal byvoorbeeld 'n hoër inkomste ontvang as gevolg van 'n korter lewensverwagting. Vroue, daarenteen, ontvang 'n laer inkomste vanweë hul langer lewensverwagting as dié van mans.

Die twee derdes (verpligte annuïteit) kan ook in 'n lewende/buigsame annuïteit belê word. Hiervolgens kan die belegger sy/haar vlak van inkomste self kies op grond van sy/haar huidige behoeftes, byvoorbeeld tussen 5% en 20% van die tweederde- kapitale bedrag. Hierdie keuse is ook baie gunstiger vir erfgename wat selfs ná die dood van die langslewende (in die geval van twee persone) óf die oorblywende fondse oor 'n vyfjaarperiode kan ontvang, óf soos die oorspronklike belegger met die annuïteit kan voortgaan.

'n Enkelbedrag-uitkeerpolis

Dit is wel moontlik om 'n enkelbedrag (bv 'n gedeelte van 'n pakket) in 'n polis te belê. In die geval van 'n enkelbedrag-uitkeerpolis kan een van die volgende twee beleggingsopsies gekies word:

- Die bedrag kan vir vyf jaar belê word (sonder enige onttrekkings) waarna maandelikse kontantonttrekkings gemaak word (onttrekkings is belastingvry).



- Die bedrag kan vir vyf jaar belê word maar daar word maandelikse onttrekkings (inkomste) gemaak vir 60 maande (die maandelikse inkomstebedrag word gelykop verdeel tussen kapitaal en inkomste – inkomste is belasbaar, kapitaal nie).

Voorbeeld:

		I		I		I	
Belegging	→	–	→	–	→	–	..... 60 maande
Enkelbedrag		K		K		K	

In die geval van maandelikse onttrekkings gebeur onder meer die volgende:

- Rente oor die vyfjaarperiode word by die kapitaal (beleggingsbedrag) gevoeg.
- Inkomste moet op die belegger se belastingvorm verskyn omdat dit belasbaar is.
- Sou kapitaal of inkomste eers na vyf jaar geneem word, is dit belastingvry.
- Inkomste wat na vyf jaar ontvang word hoef nie op die belegger se belastingvorm te verskyn nie.

'n Enkelbedrag-annuïteit (vrywillige annuïteit)

Sien die bespreking van uittree-annuïteite, en maak seker dat u die verskil ken tussen 'n verpligte en 'n vrywillige annuïteit. Let daarop dat die hantering van inkomste en kapitaal (by 'n vrywillige annuïteit) net soos by die tweede opsie van 'n enkelbedrag-uitkeerpolis geskied. Die inkomste word verdeel tussen inkomste en kapitaal – inkomste is belasbaar en kapitaal is belastingvry.

Tweedehandse polisse

'n Polishouer leen dikwels geld teen die polis om bepaalde behoeftes of begeertes te bevredig. Hierdie lenings is rentevry. Soms leen diegene soveel dat hulle polisse op 'n dag nie meer veel werd is nie en hulle graag daarvan ontslae wil raak om die skuldlas (lening teen die polis) vry te spring. Dit is selfs moontlik dat die polis se waarde en die leningsbedrag gelyk is aan mekaar. Sodoende ontstaan 'n tweedehandse polis omdat 'n polishouer daarvan ontslae wil raak en dit wil verkoop in die beleggingsmark.

Net so is daar beleggers wat in 'n polis wil belê, maar nie bereid is om vyf jaar daarvoor te wag nie. Diegene stel dan belang om so 'n tweedehandse polis by die polishouer te koop. Die koopprys beloop meestal:

- die bruto waarde van die polis op daardie stadium
- plus 3%–7% wins vir die polishouer op die waarde van die polis

Hierdie polisse is beskikbaar vir diegene met 'n enkelbedrag of gedeelte van 'n pakket.

Voordele vir die belegger

- Die poliswaarde (afkoopwaarde) is belastingvry op enige tydstip gedurende die beleggingsperiode.
- Alle polisinkomste is belastingvry.
- Kontantbonusse is belastingvry.
- Persoonlike inkomste kan verhoog word.
- Die polistermyn kan verleng of verkort word.
- Dit is 'n veilige belegging.
- Dit is die ideale belegging vir diegene in 'n hoë belastinginterval (-skaal).

Nadele vir die belegger

- Tweedehandse polisse is nie so geredelik beskikbaar nie (alhoewel sekere makelaars dit in 'voorraad' het).
- Die koste kan tot 7% hoog wees.

Natuurlik moet jy die koste met jou belastingbesparing vergelyk, asook talle ander voordele.

Aandele

Jy kan ook jou inkomste aanvul deur met 'n gedeelte van jou pakket 'n rekenaar en aandeleprogram te koop om met aandele te spekuleer. Hier word van tegniese ontledings (die historiese ontleding van aandeelpryse) gebruik gemaak om te bepaal wanneer aandele gekoop of verkoop moet word. Dit gaan hier dus om tydsberekening. Jy sal die nodige opleiding ontvang as jy 'n program koop en in totaal sal dit jou sowat R7 000 uit die sak jaag. Daar is verskillende programme soos Sharefriend en Compushare en jy ontvang daagliks inligting via jou rekenaarpakket oor die verwikkelinge op die Johannesburgse Aandelebeurs.

Wat is aandele?

Soos 'n maatskappy groei, word sy aandele aan die publiek uitgereik. Jy belê dus geld in die maatskappy, wat só geld kry om verder uit te brei. Jy kry 'n ser-

tifikaat as bewys van hoeveel aandele jy het. Daardie aandele kan jy teen 'n wins verkoop as die prys gestyg het.

Wat is 'n effektetrust?

Dis 'n ope trust (of fonds) waarin jy eenhede kan koop en weer aan die trust kan verkoop. 'n Eenheid bestaan uit aandele en effekte (gewoonlik meer as twintig om die risiko te verminder). Effekte is geldelike bates wat die staat, staatsondersteunde instansies (soos Eskom en Iscor), groter munisipaliteite en maatskappye uitreik. 'n Mens kan ook klein bedrae (bv R50) in effektetrusts belê. Buiten kapitaalgroei ontvang jy ook dividende ('n winsaandeel) en rente. Daar was in April 1999 meer as 220 effektetrusts in Suid-Afrika en meer as 35 000 wêreldwyd.

Is aandele 'n groter waagstuk as effektetrusts?

Ja, maar aandele bied 'n groter opbrengs. Beleggings in die meeste effektetrusts is oor meer as 20 aandele versprei. Die kans dat jy geld gaan verloor, is dus baie kleiner. Verskillende effektetrusts beteken ook 'n hoër of laer risiko vir die belegger, na gelang van die maatskappy in wie se aandele die trust belê het.

Hoe kan ek in aandele belê?

Óf direk, óf indirek. 'n Direkte belegging beteken jy koop aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. 'n Effektetrust is 'n indirekte belegging (maw daar word in die aandele van ander maatskappye belê). Direkte en indirekte beleggings kan deur jouself of 'n makelaar (aandele- of versekeringsmakelaar/-agent) geskied.

Waarom in aandele belê?

- Jy kan 'n relatief groot wins (bv 30% of 50%) in 'n taamlike kort tydperk maak.
- Jy kan betreklik gou jou aandele verkoop en kontant in die sak hê.
- Die meeste aandele se waarde styg oor die lang termyn sodat jy 'n hoër opbrengs as die inflasiekoers ontvang.
- Daar is 'n inkomste in die vorm van dividende.
- Tans geen belasting betaalbaar op dividende nie.
- Kapitaalgroei is ook belastingvry.

- As jy in kapitaalgroei belangstel, kan jy vra dat die dividende herbelê word. Die maatskappy hou dit dus terug en belê dit elders.
- 'n Positiewe kapitaalgroei kan op lang termyn (20–30 jaar) verkry word.
- Jy kan belê in maatskappye wat hul inkomste in buitelandse valuta verdien. Randverskansing (beskerming teen 'n daling in die waarde van die rand) is dus moontlik.
- Kapitaal kan vinnig vermeerder (maar ook verloor!) word.

Hoeveel geld het ek nodig?

As jy wil spekuleer, kan jy nou en dan 'n paar honderd rand se aandele koop. Jy kan ook maandeliks sowat R500 of R1 000 (of meer) in aandele belê. (Jy kan selfs R1 belê, maar die makelaarskoste regverdig nie sulke klein bedraggies nie.) Die beginsel van randverskansing is hier ter sprake. Aandele word so op die goedkoopste manier oor 'n lang tydperk bekom. Maar onthou dat 'n makelaar meer moeite doen met 'n belegging van R100 000 en meer, omdat dit dan moontlik is om die risiko van so 'n portefeulje te versprei.

Hoe verskil 'n belegging van spekulasie?

Dit hang af of jy dit as belegging koop of om te spekuleer.

- *'n Belegging:* Dit beteken aandele word as 'n langtermynbelegging gekoop. Die belegger hou dit vir 'n lang tydperk, byvoorbeeld 10 of 50 jaar; jy koop en verkoop nie gedurig nie. Die doel is dus langtermyn-kapitaalgroei.
- *Spekulasie:* Die aandele word gekoop en verkoop met die doel om wins te maak. 'n Spekulant belê sy geld op kort termyn en stel nie in kapitaalgroei belang nie. 'n Aandeel kan vandag gekoop en oor twee weke weer verkoop word. (Die tydperk kan korter of langer wees.) Die belegger koop 'n aandeel as hy reken dit is onderwaardeer en verkoop dit as hy dink dit is oorwaardeer, of as die prys flink gestyg het.

Kan enigiemand self daarin belê?

Ja, maar dit verg kennis, tyd (een of twee uur per dag), motivering en dissipline. Talle skoolkinders maak deesdae fluks só geld: hulle het 'n kursus gevolg, 'n rekenaar gekoop en spekuleer nou. Rekenaarprogramme met sulke kursusse is onder meer WEN Software, Progressive Systems, Richard Cluver

Investments en Equitrac CC. Die koste wissel van R1 500 tot R4 000. Beursinligting word gereeld verskaf.

Moet ek 'n makelaar gebruik?

As jy nie self wil spekuleer nie, maw as jy nie self wil besluit watter aandele jy wanneer moet koop of verkoop nie, is 'n makelaar die antwoord. Kies 'n maatskappy wat sy eie navorsingspanne het en 'n volledige reeks dienste verskaf. Jy kan besluit of die maatskappy self alle beleggingsbesluite (koop/verkoop) moet neem, en of jy geraadpleeg wil word, maar laat dit liefs in die kenners se hande. Onthou, jy moet hom/haar met groot bedrae geld vertrou. Dit is belangrik dat julle dieselfde oor waagstukke voel; bespreek dit dus vooraf.

Hoe vind aandeletransaksies plaas?

Aandele is voorheen op die beursvloer verhandel: dit was 'n Babelse verwarring soos almal geskreeu het. Maar sedert 1997 word van die JET-stelsel (Johannesburg Equities Trading) gebruik gemaak. Handelaars is via hul eie rekenaars aan die JET-stelsel gekoppel en doen só sake.

Is daar ekstra koste ter sprake?

Daar is koste aan die meeste beleggings verbonde, ook by aandele. Daar is geld betaalbaar by sowel die koop as verkoop van aandele. As jy koop, is makelaarskoste ter sprake (1,5% van die waarde van die transaksie, bereken volgens 'n wisselskaal – hoe meer jy koop, hoe minder is dié koste), en bemarkbaresekuriteite-belasting (0,25%). As jy verkoop, betaal jy slegs die makelaarskoste.

Hoe reageer aandele op die ekonomie?

Dit hang af van die soort maatskappy waarin belê is. Nie alle bedrywe word ewe swaar deur 'n resessie geraak nie. Groeibedrywe (bv rekenaars) vaar goed, ondanks 'n resessie. 'n Defensiewe bedryf (bv kos en bier) word die minste deur die ekonomie beïnvloed – mense móét eet en bier sal hulle drink. Sikliese bedrywe (duursame goedere, bv motors en meubels) vaar selfs beter as die ekonomie in goeie tye. In slegte tye kom mense maar met hul ou motor en meubels klaar. Rentekoers-sensitiewe bedrywe is byvoorbeeld finansiële dienste, die bankwese en die eiendomsbedryf.

Watter beleggingsbenaderings kan ek volg?

Aandele word gekoop as hulle onderwaardeer is en verkoop as hulle oorwaardeer is. 'n Onderwaardeerde aandeel se waarde is hoër as wat mense in die mark dit waarneem. Jy koop dus dié aandeel omdat jy glo dit is meer werd as wat die eienaar (die aandeelhouer) dink. Die eienaar glo weer die aandeel is minder werd as die waarde wat jy daaraan heg en wil dit gevolglik verkoop.

Hier is (baie kortliks) twee benaderings.

- Die fundamentele benadering bestaan hoofsaaklik uit drie stappe: Eers 'n makro-ekonomiese ontleding, wat die verloop van die algemene ekonomie bepaal en verklaar. 'n Bedryfsontleding bepaal vervolgens die groeimoontlikhede binne 'n bepaalde bedryfstak (soos elektronika). Laastens word 'n ontleding van die individuele onderneming in 'n bepaalde bedryfstak gedoen.
- Die tegniese benadering ontleed die geskiedkundige beweging van aandelepryse.

Daar word na spesifieke patrone in die tendense gekyk. Só word leidrade oor die toekomstige verloop van aandelepryse gevind. Die uitgangspunt is dat die optrede van kopers/verkopers in soortgelyke marktoestande dieselfde sal wees.

Wanneer behoort ek te belê?

Kry eers inligting by die Johannesburgse Aandelebeurs, makelaars en finansiële publikasies. Jy belê nie op jou oudag al jou geld met die hoop om gou ryk te word nie. Aftreegeld/uittredingspakkette word slegs in aandele belê na voorsiening vir kort-, medium en langtermynbehoeftes gemaak is. Jy leen ook nie geld om in aandele te belê nie. Aandele behoort (veral in jou middeljare) reeds deel van jou beleggingsportefeulje te wees. Begin van jongs af; belê eers in effektetrusts en daarna in aandele.

Wat is aandele se toekoms?

Net soos in die verlede sal baie kort- en langtermynbeleggers geld maak óf verloor. Al daal pryse soms, styg dit weer. Die neiging is altyd opwaarts. Jy kán baie geld maak. Maar jy kan ook baie verloor as jy aandele blindelings en sonder kundige advies koop en verkoop.

Hoe 'lees' jy dit?

Wat beteken daardie fynskrif-aandelekolomme in die koerante?

- *H:* Hoogste prys (in sent) van 'n aandeel gister
- *L:* Laagste prys gister
- *My:* Maatskappy se naam (meestal verkort)
- *Pr:* Sluitingsprys gister (pryse waarteen die laaste transaksies beklink is)
- *K:* Prys waarteen kopers wou koop, maw hoeveel sent kopers bereid was om vir daardie aandeel te betaal
- *V:* Prys waarteen verkopers wou verkoop, maw hoeveel sent verkopers bereid was om vir daardie aandeel te aanvaar
- *Do*: Dividendopbrengs
- Verdienste per aandeel: Totale netto wins van die maatskappy gedeel deur totale hoeveelheid aandele wat die maatskappy uitgereik het
- *P/V:* Prys/verdienste-opbrengs – dit word bereken deur die aandeel se prys te deel deur die verdienste per aandeel. Gestel die verdienste is 20c en die aandeelprys R1,20; die aandeel word gevolglik verkoop teen ses keer sy opbrengs (120c gedeel deur 20c). Die P/V is dus 6, wat beteken daar is ses jaar se verdienste per aandeel in die huidige aandeelprys opgesluit. (Let wel: dis 'n historiese verdienste, maw die vorige ses maande se verdienste van die maatskappy, wat gewoonlik elke ses maande verklaar word.)

  As die P/V 20 was, was daar 20 jaar se verdienste in opgesluit. Dus: hoe hoër die P/V, hoe groter is die verwagting dat die betrokke aandeel nog jare (20 jaar) gaan presteer.
- ±: Die dag se beweging, maw styging of daling (in die daaglikse verkoopprys)
- *Vol:* Die dag se volume (in 100e of 1 000e), maw hoeveel van die betrokke aandeel verhandel is.

En daardie 'snaakse' terme?

Hier is 'n paar terme wat ons gereeld hoor:

- *Geldmark:* mark vir korttermynfondse
- *Kapitaalmark:* mark vir langtermynfondse
- *Bankaksepkoers:* die rentekoers wat banke vir bankaksepte betaal
- *Bankaksepte:* dis 'n korttermynbeleggingsinstrument waarin individue en

maatskappye kan belê. Dit word by 'n bank gekoop wat 'n sekere rentekoers of opbrengskoers waarborg; die bedrae is baie groot; dit beloop miljoene rande)

- *Verbruikersprysindeks:* die inflasiekoers (of gemiddelde styging in pryse van verbruikersgoedere)
- *Blue chips:* dit is aandele in die sterkste maatskappye met die beste prestasierekord (SA Brouerye, Anglo American)
- *Black chips:* maatskappye onder 'swart beheer' op die Beurs (Real Africa)
- *Bulmark:* 'n koopfase waarin die aandelepryse voortdurend styg
- *Beermark:* 'n tendens van dalende aandelepryse
- *Sentiment:* die gemoedere op die Beurs in afwagting op of na afloop van sekere gebeure of afkondigings rakende byvoorbeeld rentekoerse, die Repokoers, ens
- *Goudindeks:* algehele beweging (of gemiddelde prys) van uitgesoekte goudaandele
- *Nywerheidsindeks:* algehele beweging (of gemiddelde prys) van uitgesoekte nywerheidsaandele
- *Dow Jones-nywerheidsindeks:* die nywerheidsindeks van die Amerikaanse aandelebeurs
- *Nikkei:* die algehele indeks van die Japanse aandelebeurs

Maniere om kapitaal te vermeerder

Jy wil graag 'n positiewe reële kapitaalgroei hê, met ander woorde kapitaalgroei ná inflasie en belasting (waar van toepassing). Die veld van beleggingsalternatiewe (-opsies) is baie wyd en dek harde bates (Krugerrande, Persiese tapyte), onroerende eiendom (erwe en geboue) en talle finansiële bates soos effektetrusts en aandele.

By 'n pakketbelegging moet jy veral in terme van effektetrusts en aandele dink. Effektetrusts is eintlik maar net 'n indirekte belegging in aandele, omdat jou belegging oor 20 verskillende aandele versprei is.

Aandele

Jy kan in aandele belê deur middel van 'n aandelemakelaar. As jy self nie oor die nodige kennis en tyd beskik nie, is dit die aangewese manier. Verder moet

jy die makelaar bepaalde besluitnemingsmagte (al dan nie) rakende die koop en verkoop van jou aandele gee. 'n Bank kan jou ook help met jou belegging in aandele. Kyk veral na die bespreking rakende die kies van 'n aandelemakelaar in afdeling 2.2. Maak veral van 'n vollediens-makelaar ('full service broker') gebruik (een met 'n volledige navorsingspan wat alle dienste aanbied).

Bronne van inligting vir 'n belegging in aandele is onder meer:

- die Johannesburgse Aandelebeurs
- inligting soos verskaf deur vollediens-makelaars
- die Investment Analysts Society of Southern Africa (IAS)
- finansiële publikasies (*Business Day, Financial Mail, Finance Week, Finansies & Tegniek*)
- verskaffers van elektroniese finansiële inligting (Reuters, Intelligent Network (I-Net), Dow Jones Telerate Southern Africa, Buro vir Finansiële Analise (BFA), McGregor Information Services)
- Suid-Afrikaanse professionele joernale (*Investment Analysts Journal*)
- Suid-Afrikaanse inligtingsbronne (Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), Statistieke Suid-Afrika, die Internasionale Monetêre Fonds (IMF))
- ander bronne van inligting (banke, die Internet, buro's)
- inligting van binne die Beurs ('insider trading')

Onthou, jy kan op die kort termyn met aandele spekuleer of op die lang termyn (langer as vyf jaar) daarin belê. Let daarop dat versekeringsmaatskappye ook namens jou direk in aandele kan belê. Dit gaan ook met 'n waarborgskema gepaard wat jou risiko verlaag en ook vir betreklik ouer beleggers geskik is.

Effektetrusts

Effektetrusts bied hoë kapitaalgroei (hoë belastingvrye opbrengste) en kan gou te gelde gemaak word want dit is baie likied. Hierdie effektetrusts kan gebruik word as 'n deposito op 'n woonplek as jy nog nie oor een beskik nie.

Effektetrusts laat die relatief klein belegger toe om indirek op die Johannesburgse Aandelebeurs te belê. Hiervolgens word daar in die aandele van maatskappye belê – gewoonlik gelyktydig in byvoorbeeld twintig maatskappye se aandele. Daar kan maandeliks in effektetrusts belê word.

Daar bestaan drie breë kategorieë effektetrusts:

- algemene fondse
- spesialiteitsfondse

- inkomstefondse

Eersgenoemde twee het kapitaalgroei ten doel terwyl inkomstefondse 'n gereelde inkomste aan byvoorbeeld afgetrede individue verskaf. Jong individue behoort in eersgenoemde twee kategorieë te belê en geensins in inkomstefondse nie. Die risiko verskil aansienlik tussen verskillende effektetrusts en jong persone behoort met die oog op langtermynkapitaalgroei in riskante effektetrusts te belê, byvoorbeeld effektetrusts van opkomende (nuwe) maatskappye. Dit is ook moontlik om in effektetrusts met internasionale belange te belê, met ander woorde een of ander tipe internasionale fonds.

Een van die nuutste tipes effektetrusts is geldmarkfondse, wat inkomste aan beleggers verskaf en die kapitaal beskerm. Geldmarkfondse het tans die laagste risiko van alle effektetrusts.

Die koop van effektetrusts behels 'n klein aanvanklike deposito, byvoorbeeld R200 by sommige trusts. Daarna kan daar met nog kleiner maandelikse bedrae (R100) daarin belê word. Daar bestaan verskeie metodes om effektetrusts te koop:

- deur aansoekvorms van 'n makelaar of organisasie in te vul
- deur koerant- en tydskrifadvertensies in te vul
- deur middel van e-pos
- op die webbladsy op die Internet
- die skakel van tolvrye nommers om met kliëntediens te praat
- by Computicket

Effektetrusts bied hoë kapitaalgroei, veral waar die belegging langer as drie jaar gehou word – tot so lank as 30–50 jaar vir effektiewe kapitaalgroei. Net so beskerm dit die belegger teen inflasie. Dit is verder baie likied, met ander woorde die totale belegging kan binne tien dae opgeroep word sou die belegger die geld dringend vir ander behoeftes benodig.

Bronne van inligting rakende effektetrusts en hulle opbrengste/resultate oor verskillende tydperke, byvoorbeeld een, drie, vyf, tien of vyftien jaar, is onder meer die volgende:

- boeke
- koerante
- makelaars
- banke

- versekeringsmaatskappye
- die Internet

Hier volg 'n aantal Internetadresse:

- Bureau for Financial Analysis (UP) – http://www.bfa-net.com
- Brantom – http://www.brantom.co.za
- Stones – http://www.infostones.co.za
- Easyinfo – http://www.investment.co.za
- TMA – http://www.tma.co.za
- Guardbank – http://www.guardbank.com
- Norwich – http://www.norwich.co.za
- Plexus – http://www.plexus.co.za
- Ou Mutual – http://www.oldmutual.com
- *Business Day* – http://www.bday.co.za
- *Financial Mail* – http://www.atd.co.za/fm
- *Finance Week* – http://africa.com/mags/finweek
- *Business Times* – http://www.btimes.co.za

Dit is ook moontlik om 'n belegging in effektetrusts met 'n lewenspolis, 'n uitkeerpolis of 'n uittree-annuïteit te koppel. So 'n produk of belegging word 'n effektetrust-gekoppelde belegging genoem.

Elke persoon se siening van risiko of sy risikoprofiel ('n risiko-aanvaarder of 'n risikovermyder) sal grootliks bepaal in watter effektetrusts belê sal word. Nogtans behoort 'n jonger persoon baie meer riskant te belê as byvoorbeeld 'n middeljarige persoon.

Hier volg 'n paar kenmerke van effektetrusts asook van die verskillende effektetrusts met betrekking tot risiko, opbrengs, kapitaalgroei, inkomste, kort-, medium-, langtermynbehoefte, kennisvereiste, ouderdom en belasbaarheid.

Risiko versus opbrengs



Kapitaalgroei versus inkomste



Kort termyn versus lang termyn

Kort termyn	Geldmark Inkomste
Medium termyn	Prima effekte Spesialis
Lang termyn	Bestuurde aandele

Kennisvereistes

As jy as belegger oor betreklik min kennis van effektetrusts beskik, moet jy óf geen óf baie min betrokkenheid by die bestuur van jou effektetrustportefeulje hê. Indien jy oor meer of baie kennis beskik, kan jy aktief betrokke wees by die bestuur van jou effektetrusts.

Beleggingsopsies vir effektetrustbelegging op bepaalde ouderdomme

20–40 jaar	Jy moet in hoërisiko-effektetrusts belê, byvoorbeeld spesialisfondse
40–60 jaar	Belê in effektetrusts met 'n gemiddelde risiko, byvoorbeeld bestuurde fondse en indeksfondse
Ouer as 60 jaar	Belê in laerisiko-effektetrusts, byvoorbeeld inkomstefondse

Belasbaarheid

Daar word belasting betaal op die inkomste wat inkomstetrusts en geldmarkfondse lewer. (Vir meer inligting oor effektetrusts, raadpleeg N Older, H Lambrechts & L Still 1998, *Unit trusts handbook*, Johannesburg: Profile.)

Effektetrustgekoppelde produkte

As ons praat van effektetrustgekoppelde produkte dan verwys ons na 'n produk waarby effektetrusts gekoppel is met onder meer uittree-annuïteite, lewende annuïteite, bewaringsfondse, gewaarborgde inkomsteplanne en gewaarborgde kapitaalplanne. Dit maak dit ook moontlik vir die belegger om van een effektetrust na 'n ander oor te skakel. Net soos dit moontlik is om maandeliks in effektetrustgekoppelde produkte te belê, net so is dit moontlik om 'n pakket of enkelbedrag (of 'n gedeelte daarvan) daarin te belê.

Ons weet dat effektetrusts tans die produk in Suid-Afrika is wat deur die meeste beleggers gebruik word vir langtermynkapitaalgroei. Waar effektetrusts dan met ander produkte gekoppel word, word die voordele van beide verkry, byvoorbeeld die kapitaalgroei daarvan plus die belastingvoordele van 'n uittree-anuïteit.

Besighede wat effektetrustgekoppelde produkte verkoop (deur middel van 'n makelaar) staan bekend as 'produkfabrieke'. Vir doeleindes van aftrede en die belegging van 'n pakket kan daar onder meer tussen die volgende effektetrustgekoppelde produkte onderskei word:

- uittree-annuïteite (die uittree-annuïteit funksioneer net soos gewoonlik, maar is gekoppel aan 'n effektetrust)
- lewende annuïteite (sien afdeling 4.4)
- bewaringsfondse (bewaringsfonds is aan 'n effektetrust gekoppel en funksioneer soos altyd – sien afdeling 4.4)
- gewaarborgde planne ('n gedeelte van die belegging waarborg jou kapitaal/inkomste en die res word meer riskant belê)
- effektetrustomruilings (dit is goedkoper om van een effektetrust na 'n ander oor te skakel by effektetrustgekoppelde produkte as by 'n gewone effektetrustbelegging)

Voordele

- Dit is veral geskik vir 'n enkelbedrag-pakketbelegging.
- Dit beskik oor die normale effektetrustvoordele plus die voordele van ander produkte.
- Effektetrustomskakelings is goedkoper.
- Die belegger se behoeftes rakende risiko en opbrengs word beter gedien, veral in veranderende marktoestande.
- Betreklik klein bedrae kan belê word (R1 000 pm of R10 000 in 'n enkelbedrag).
- Net soos by gestruktureerde fondse (sien afdeling 4.4) kan 'n belegging stelselmatig ingefaseer word ten einde risiko te verlaag.
- Inligting rakende jou belegging is maklik bekombaar en alle aspekte rakende jou belegging (bv koste) is deursigtig.
- Jou geld word veilig in 'n trust bewaar.

- Die administrasie tydens die beleggingsproses is baie eenvoudig vir die belegger.
- 'n Rekenaarstelsel verskaf onmiddellike beleggingsinligting.

Nadele

- Dit kan nadelig wees as jy op die verkeerde tyd omskakel van een effektetrust na 'n ander. Jy kan byvoorbeeld teen 'n lae prys verkoop (swak mark) en teen 'n hoër prys herbelê (gevolglik verloor jy kapitaal).
- Jy kan nie vir veranderde behoeftes die effektetrustkoppeling kosteloos ongeldig maak en op 'n ander wyse (as effektetrust gekoppeld) herbelê nie.
- Keuse van die verkeerde effektetrustportefeulje kan die gemiddelde opbrengs van jou gekoppelde belegging aansienlik laat daal.
- Al word daar nie fooie vir ruilings tussen effektetrusts gevra nie, is daar nog altyd verpligte koste, wat nie altyd deur 'n makelaar genoem word nie.
- Jy kan 'n maatskappy kies waarvan die rekenaarstelsel nie op standaard is nie met die gevolg dat rampe op markte nie altyd hanteer kan word nie (bv geweldige hoë verkoopvolumes) en beleggers geld kan verloor.
- Beleggers wil nie altyd buitelandse beleggings in dieselfde produk as plaaslike beleggings hou nie.
- Gekoppeldeproduk-maatskappye vra jaarlikse bestuursfooie wat jou totale koste ietwat verhoog.
- Gekoppeldeproduk-maatskappye hoef nie jou belegging op/binne 'n gegewe tydstip (bv op aanvraag) terug te betaal nie ('n annuïteit betaal eers uit op 55 jaar).

'N EFFEKTETRUSTGEKOPPELDE BELEGGING IS BAIE BUIGSAAM EN KOMBINEER PRODUKVOORDELE

Gestruktureerde fondse

'n Gestruktureerde fonds is hoofsaaklik daar vir die belegging van enkelbedrae, byvoorbeeld jou pakket of enige ander enkelbedrag. Dit is ook moontlik om op 'n ad hoc-grondslag beleggings daarin te maak en herhalende beleggings (meestal groter bedrae) word ook toegelaat.

Ander kenmerke en voordele van gestruktureerde fondse is onder meer soos volg: dit bied inkomsteplanne, waarborgskemas, 'n noodfonds en kapitaal-

groei-opsies. Binne hierdie fonds is daar oorskakelingsfasiliteite tussen finansiële produkte na gelang beleggersbehoeftes verander teen basies geen koste nie. Die belegger (jy) sal byvoorbeeld net vanaf een instelling ingelig word omtrent die bestuur en prestasies van jou belegging(s). Buigsaamheid word sodoende aan beleggers verskaf asook opsies om byvoorbeeld in enige effektetrust te belê. Kapitaal kan gewaarborg word asook gebruik word om 'n inkomste (pensioen) mee aan te koop. Dit is verder moontlik om onttrekkings uit hierdie fondse te maak sonder enige boetes. Oorskakelings binne dieselfde bestuursmaatskappy is meestal sonder fooie. Daar is egter altyd bepaalde verpligte koste. Net so is daar bepaalde vereistes rondom die kleinste beleggingsbedrae, die termyn van sekere beleggingsopsies en die aantal effektetrusts waarin belê kan word.

Effek van omgewingsveranderinge op portefeuljesamestelling

Gestel 'n persoon se pakket van R500 000 is in 'n gestruktureerde fonds belê en soos volg:

Gestruktureerde fonds				
Inkomsteplan	Staatseffekte	Geldmarkfonds	Effektetrusts	In die buiteland
R50 000	R50 000	R100 000	R200 000	R100 000

Voorbeeld 1:

Sou langtermynrentekoerse daal en 'n definitiewe afwaartse neiging volg, sou dit raadsaam wees om die fondse van die geldmarkfonds (R100 000) na die effektetrusts te skuif. Net so moet die R50 000 wat in staatseffekte belê is, geskuif word na effektetrusts. Daarna sal die portefeulje soos volg lyk:

Gestruktureerde fonds		
Inkomsteplan	Effektetrusts	In die buiteland
R50 000	R350 000	R100 000

Natuurlik sal laasgenoemde beleggings slegs geskuif kan word indien die belegger met die bestaande inkomste vanuit die inkomsteplan, plus moontlike ander addisionele inkomste, sal kan leef. Dit sou ook moontlik wees om geld in die inkomsteplan te plaas indien 'n bepaalde rentekoers byvoorbeeld vir vyf jaar gewaarborg sou word.

Voorbeeld 2:

Sou langtermynrentekoerse styg en hierdie tendens volhou (en hoog bly), sal dit raadsaam wees om die R200 000 wat in effektetrusts belê is te skuif na geldmarkfondse en/of staatseffekte. Gestel die belegger skuif R100 000 na elk van laasgenoemde. Daarna lyk die portefeulje soos volg:

Gestruktureerde fonds			
Inkomsteplan	Staatseffekte	Geldmarkfondse	In die buiteland
R50 000	R150 000	R200 000	R100 000

U sal opmerk dat die buitelandse belegging onveranderd gehou is omdat dit gemaak is met randverskansing (beskerming teen 'n dalende rand) voor oë. Hoë of lae rentekoerse in die buiteland is nie hier die oorweging nie.

Natuurlik wil 'n mens 'n belegging wat inkomste moet verdien vir so lank moontlik teen die hoogste koers belê. Skielike stygings of dalings in rentekoerse veroorsaak dikwels dat mens geld vir te lang (as rentekoerse styg) of te kort (as rentekoerse daal) periodes vas belê. Hier dink mens veral aan vaste deposito's.

Gestel rentekoerse is baie hoog terwyl die waardes van aandele en effektetrusts baie laag en opbrengste negatief is. 'n Belegger kan nou ook sy pakketbelegging rondskuif en 'n deel daarvan (nie die in aandele en effektetrusts nie) gebruik om meer aandele en/of effektetrusts te koop. Sou hierdie waardes weer styg, sal die belegger oor baie aandele en/of effektetrusts beskik wat boonop teen 'n baie lae prys gekoop/bekom is. Die mark was gevolglik reg om goedkoop in aandele en/of effektetrusts te belê, veral waar 'n belegger te veel in inkomsteproduserende beleggings belê het. Hierdie skuif sal egter so lank moontlik uitgestel word om onder meer

- so lank moontlik hoë rentekoerse te verdien
- in aandele en/of effektetrusts te belê net voordat die pryse daarvan begin styg

'n Goeie makelaar en baie geluk sal bepaal hoe tydig of ontydig so 'n skuif plaasgevind het. Dit geld vir sowel skuiwe tydens hoë as lae rentekoerse.

Hierdie beleggingsvoorbeeld is gedoen in tye waarin die verskil tussen rentekoerse en inflasie baie groot is in Suid-Afrika. Sou die verskil tussen rentekoerse en inflasie baie klein wees, raak beleggings met kapitaalgroei (in teenstelling met inkomstebeleggings) gewilder. Dit is die geval waar 'n beleg-

ger 'n keuse het tussen inkomste en kapitaalgroei en nie slegs genoeg het (of selfs te min het) om van te leef uit 'n inkomste-oogpunt nie. Ten tye van hoë inflasie word daar meestal 'n negatiewe reële opbrengs (na inflasie en inkomstebelasting) op die meeste inkomstebeleggings verdien.

Hoe behoort jou beleggingsproduk(te) te lyk?

As mens kon, sou jy hier graag 'n eenvoudige prentjie wou skilder. Ongelukkig behels die antwoord op bogenoemde vraag talle prentjies en talle kombinasies van hierdie prentjies. Elke prentjie en die produkte wat dit verteenwoordig sou jou finansieel onafhanklik kan laat aftree.

Of jy nou van 'n enkele produk(te) of belegging(s), en/of 'n gekoppelde produk(te) en/of 'n gestruktureerde fonds gebruik maak, die ideaal sou wees dat jou pakketbelegging (ook 'n ander enkelbedrag) die volgende dienste lewer of eienskappe besit:

- 'n inkomsteplan ('n pensioen)
- 'n noodfonds (as jy vinnig fondse benodig)
- kapitaalgroei (vir langtermynwelvaart)
- bepaalde waarborge rondom jou kapitaal (waarborgskemas op 'n hoër ouderdom)
- geleentheid om teen baie lae koste (of geen koste) tussen bogenoemde opsies te kan beweeg en sodoende jou beleggingsbehoeftes te dien soos dit in die toekoms kan verander

Natuurlik word hier hoofsaaklik van finansiële produkte gepraat, omdat dit tyd asook geld vat om na en van vaste eiendom (bv) te 'beweeg'.

Die beleggingsproses tydens aftredebeplanning

Diagram 4.1 gee 'n aantal stappe wat gebruik kan word om jou pakket te belê vir doeleindes van aftredebeplanning.

Diagram 4.1 Stappe tydens aftredebeplanning (Swart 1996:584)



Die eerste stap behels die daarstelling van doelwitte rakende aftrede wat onder meer die volgende kan behels:

- om dieselfde lewenstandaard as vóór aftrede te handhaaf
- die opbou van 'n buitelandse beleggingsportefeulje
- 'n jaarlikse oorsese reis
- die daarstelling van 'n aandeleportefeulje vir kinders en/of kleinkinders

Aftreedoelwitte moet in volgorde van belangrikheid geplaas word en aan bepaalde tydperke gekoppel word (bv 1, 3, 5, 10, 20 jaar).

Tydens die tweede stap moet alle huishoudelike inkomste en uitgawes bepaal word ten einde die inkomstebehoefte na aftrede te bepaal. Bepaal verder watter beleggings gebruik kan/gaan word om die inkomstetekort aan te vul.

Die derde stap behels die skepping van 'n beleggingsportefeulje gegrond op die inkomstebehoefte wat in Stap 2 bepaal is. Daar word na beleggingsdoelwitte verwys wat dieselfde is as die aftreedoelwitte van Stap 1. Die verskillende beleggingsalternatiewe (produkte, opsies) word aan die hand van 'n lys beleggingskriteria geevalueer. Die volgende beleggingskriteria kan onder meer gebruik word:

- inkomste
- kapitaalgroei
- veiligheid van die belegging (kapitaal)
- buigsaamheid (binne die belegging)
- likiditeit
- belasbaarheid van inkomste/opbrengs
- gemak van bestuur (tyd)
- risiko
- opbrengs
- beleggingsbedrag benodig
- termyn van belegging
- marginale belastingkoers van belegger (belastingposisie)
- transaksiekoste (beleggingskoste – toetrede, bestuur en uittrede)
- tydsberekening (koop en verkoop van aandele vir spekulasie)
- diversiteit van belegger se portefeulje
- beheer wat belegger vereis
- kennis of bestuursvereistes (belê in 'n vakansieoord)

- beskerming teen inflasie
- belegger se doelwitte

Dit is belangrik om te bepaal of jou begroting (net jou pakket of jou pakket ingesluit) bepaalde beleggingsalternatiewe sal kan akkommodeer. Indien nie, sal jy nuwe beleggings-/aftreedoelwitte moet opstel. Indien wel, gaan jy voort en belê jou geld vir aftrede deur middel van een of meer makelaars/adviseurs. Hou jou beleggings noukeurig dop asook die 'bestuur' daarvan deur die fondsbestuurder(s) en makelaar. Hersien en evalueer jou beleggings op 'n deurlopende grondslag.

4.5 BUITELANDSE BELEGGINGS: WAAROM, HOE EN WAAR?

'Don't rush in where angels fear to tread.'

Die begrip 'buitelandse beleggings' is een van die glanswoorde ('buzz words') wat ons tans in die Suid-Afrikaanse finansiële wêreld en veral die media gebruik. Of mense nou jonk, oud, arm, ryk, 'n eie besigheid het, boer of werkloos is, almal wil meer weet van buitelandse beleggings. Dit is daarom net logies dat diegene wat 'n pakket het om te belê 'n buitelandse belegging sal oorweeg. Is jou pakket net groot genoeg of nie eens groot genoeg dat jy daarvan kan leef nie, moet jy liewers nie in riskante beleggings (plaaslik of in die buiteland) belê nie. Dit beteken geensins dat 'n belegging in die buiteland altyd riskant is nie, maar wel dat die onsekerheid en verwarring rondom buitelandse beleggings nog vir baie jare groot sal wees.

DIE MEESTE SUID-AFRIKANERS WEET NIE EENS HOE OM IN SUID-AFRIKA TE BELÊ WAAR HULLE AL VIR 'N LEEFTYD WOON EN WAT HULLE 'KEN' NIE – WAT NOG VAN IN DIE BUITELAND BELÊ ...

Die deursigtigheid van buitelandse beleggings is nie so groot nie en dit is selfs vir ons moeilik om die presiese land van ons beoogde belegging op 'n wêreldkaart te kry. Die makelaar sukkel net so daarmee.

Hierdie skrywe poog om meer lig op hierdie misterieuse begrip te werp deur kortliks verduidelikings te verskaf asook moontlike slaggate uit te wys. Jy sal vind dat net voldoende inligting en kennis jou 'gemoedsrus' by die aangaan van 'n buitelandse belegging kan gee.

Wat egter duidelik is, is die feit dat Suid-Afrikaners uit die rustige staatsdiensagtergrond met 'n rustige en bekende aftrede geruk is. Ewe skielik leef ons in 'n inligtingsomgewing en ons ontvang inligting omtrent buitelandse beleggings, buitelandse testamente, buitelandse trusts, belastingskuilingslande, buitelandse inkomstebelastingstelsels, buitelandse geskenkbelasting, en buitelandse boedelbelasting. Boonop verskil al hierdie op die een of ander wyse en soms heeltemal tussen die verskillende lande in die buiteland.

IS DIT NIE GENOEG REDE OM UIT ONS FINANSIËLE SLAAP WAKKER TE WORD NIE?

Ewe skielik word die hele wêreld se beleggingsprodukte op ons voorstoep verkoop, of binne ons huise via die Internet. Binne sekondes kan ons nou beleggings aangaan asook herbeleggings maak oor kontinente, uit Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse beleggers word gevolglik uit hul gemaksones geruk deur die besef dat die meeste van ons al ons finansiële eiers (bates) in een mandjie het (in Suid-Afrika). Boonop het ons dit in 'n geldeenheid wat al hoe minder werd word teenoor die res van die geldeenhede van die ontwikkelde lande.

ONS HET NIE 'N KEUSE NIE – ONS MOET KENNIS OPDOEN VAN BUITELANDSE BELEGGINGS EN DIT BEGIN TOEPAS

Tans word ons wakker geskud (hopelik), net om uit te vind dat ons beleggingsportefeulje geensins aan internasionale standaarde voldoen nie. Wat nog van dié Suid-Afrikaanse beleggers waarvan die portefeulje nie eens aan Suid-Afrikaanse standaarde voldoen nie of wat nie eens oor 'n plaaslike portefeulje beskik nie? Ja, party van ons staan baie ver agter in die beleggingsry. Ons sal ons beleggingsportefeuljes moet herstruktureer ten einde nie toenemend te verarm nie.

WAAROM HET ONS VALUTABEHEER?

Die Suid-Afrikaanse regering pas valutabeheer toe om te voorkom dat groot hoeveelhede kapitaal die land uitvloei vanweë onder meer

- plaaslike politieke skokke
- ekonomiese verswakking (markte)
- veranderings in wetgewing (veral rondom inkomste en boedelbelasting)

Valutabeheer kom gevolglik neer op owerheidsbeheer oor die koop en verkoop

van vreemde geldeenhede. Die inperking van die vryemarkmeganisme vind dus plaas. 'n Mens kan verstaan dat Suid-Afrikaanse beleggers ook vry wil wees om te belê waar hulle wil ten einde die regering se (deur middel van wetgewing) toenemende finansiële eise aan landsburgers rakende hul besittings die hoof te kan bied.

DIE AFSKAFFING VAN VALUTABEHEER

Sedert 1995 is daar volgehoue pogings om valutabeheer te verminder. In 1995 is die finansiële rand afgeskaf. Enkele bateruiltransaksies is ook toegelaat waarby beleggers kan baat. Sanlam en Ou Mutual het dan ook eerste daarvan gebruik gemaak. Daar word ook lopende rekening transaksies met buitelandse rekenings toegelaat. Sedertdien kan Suid-Afrikaners onder meer:

- R500 000 (1999) per persoon oor 18 jaar in die buiteland belê
- 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening open en daarmee handel (bv in die buiteland belê) in 'n buitelandse geldeenheid/valuta wat ons verkies
- 'n buitelandsevaluta-bankrekening open
- buitelandse eiendom koop (onroerende eiendom)
- in verskillende buitelandse finansiële bates belê (bv effektetrusts, aandele, ens)

Natuurlik word daar 'n voorvereiste deur die Reserwebank gestel, naamlik dat Suid-Afrikaners eers hul belastings moet betaal voordat geld in die buiteland belê word. Meer oor dié beleggings so 'n bietjie later.

Die verwagting is dat valutabeheer stelselmatig verslap sal word met die hoop op algehele afskaffing. Eers dan sal die buiteland en buitelandse beleggers sien dat die Regering vertroue in hul eie land se beleggingsgeleenthede het. Daarna sal die gemiddelde Suid-Afrikaanse belegger (die rykes is lankal vry en uit) vir die eerste keer uit ons 'beleggingstronk' kan ontsnap.

Voordele vir beleggers as valutabeheer afgeskaf word

Ons sal kan belê in die talle buitelandse produkte met elk se unieke voordele. Die risiko om net in Suid-Afrika te belê sal toeneem omdat ons eiers dan in een mandjie, in terme van internasionale welvaart, sal wees. Deur internasionaal te belê sal ons opbrengste kan verhoog en ons landrisiko en beleggingsrisiko kan verlaag. Ons sal dus ons risiko in internasionale terme kan verlaag en internasionale diversifikasie kan toepas.

BATERUILTRANSAKSIES

Die eerste bateruiltransaksies het in 1995 plaasgevind deur middel van Sanlam se Buitelandse Fonds. Hiervolgens kon R250 000 per belegger in 'n spesiale uitkeerpolis belê word en beleggers sou die volle risiko dra van opbrengs- en wisselkoersfluktuasies. Hierdie eenmalige beleggingsgeleentheid het op 31 Desember 1995 of totdat 500 polisse verkoop is (wat ook al eerste plaasvind), verval. Net daarna het Ou Mutual 'n geleentheid aan beleggers gebied om óf R15 000 as 'n enkelbedrag óf R75 per maand in een van die volgende produkte te belê: 'n suiwer uitkeerpolis, 'n uittree-annuïteit, óf 'n uitgesteldevergoedingskema.

Beleggers het 'n hoër opbrengs op hul geld verwag, maar die koste waarteen die bateruiling plaasgevind het, plus die bestuursfooi, het opbrengste verlaag. As ons egter die daling in die waarde van die rand in ag neem, is baie hoë opbrengste reeds op die beleggings verdien.

WAAROM IN DIE BUITELAND BELÊ?

Die redes waarom jy in die buiteland moet belê is talryk en beleggers word deur byna net soveel gebeure (as om te wil emigreer – sien emigrasie in hoofstuk 9) gemotiveer. Nogtans is daar enkele hoofredes:

- verskansing teen fluktuasies van 'n enkele geldeenheid en mark
- die duisende nuwe beleggingsgeleenthede
- kundige fondsbestuurders in die buiteland ken die buitelandse markte goed
- 'n gebalanseerde portefeulje
- jy kan jou portefeulje-opbrengs op 'n nabelaste grondslag verhoog
- beleggingsgeleenthede in opkomende buitelandse markte

Daar word veral aanbeveel dat die volgende groepe beleggers wel in die buiteland sal belê:

- alle beleggers – ongeveer 10%–20% van hul beleggings (totale besittings), afhangend van hul batesamestelling
- welgestelde persone – tot 50% van hul besittings
- diegene wat nog wil emigreer – soveel moontlik (skep solank 'n buitelandse

trust, maak bates likied, koop duur tyddeel wat later uitgeruil kan word vir buitelandse tyddeel)

- diegene met kinders wat later sal wil emigreer, in die buiteland sal wil gaan werk en/of hulle eie kinders (jou kleinkinders) daarheen sal wil stuur
- die persone met genoeg inkomste om van te leef nadat hulle 'n gedeelte van hul pakket in die buiteland belê het
- as jy dink dat jy nog 10, 20 of 30 jaar kan leef, omdat jou buitelandse belegging op daardie stadium baie werd gaan wees in randterme as jy dit terugbring na Suid-Afrika – vanweë die feit dat die rand moontlik nog vir baie jare sal daal in vergelyking met die geldeenhede van die sterk ekonomieë van ontwikkelde Eerstewêreld-lande

ONTHOU, ENERSYDS DAAL ONS RAND EN ANDERSYDS STYG DIE WAARDE VAN EERSTEWÊRELD-LANDE SE GELDEENHEDE – 'N DUBBELE SLAG VIR SUID-AFRIKANERS

Wat staan ons as Suid-Afrikaners nou te doen? Eerstens moet ons randverskansing toepas (teen die daling van die rand) en tweedens moet ons internasionale diversifikasie toepas. Ons kyk vervolgens na elk van laasgenoemde.

BESKERM JOUSELF TEEN DIE DALENDE RAND – RANDVERSKANSERS

Die Suid-Afrikaanse rand daal en gaan nog vir baie jare daal. Die lae produktiwiteit en hoë reële lone plaas toenemende druk op ons inflasiekoers. Sou ons alle buitelandse invloede en persepsies rakende Afrika en Suid-Afrika daarby voeg, is dit net logies dat ons finansieel kan en moet beplan met 'n dalende rand in gedagte.

DIE LANGTERMYNTENDENS VAN ONS RANDWAARDE IS AFWAARTS OMDAT DAAR NEGATIEWE BUITELANDSE (EN PLAASLIKE) PERSEPSIES OOR ONS LAND EN EKONOMIE BESTAAN

Ja, ongelukkig kan buitelandse beleggers lees en vind hulle uit omtrent dit wat daagliks in ons land plaasvind. Die vernaamste werklikhede is onder meer toenemende geweld; gebrek aan wetstoepassing; korrupsie; wanbestuur; beleggers se belastinglas; en vakbondlede wat die regering na willekeur rondswaai

(die stert swaai die hond). Ons praat nie eens van die miljoene onrealistiese sosio-ekonomiese verwagtinge nie.

Kom ons kyk vervolgens na enkele metodes wat gebruik kan word om jou teen 'n dalende rand te beskerm. Jy sal self kan sien of een of meer van hierdie opsies binne die bereik van jou pakket (behoeftes en doelwitte in ag geneem) is. Jou makelaar/adviseur kan jou verder hiermee help. Let daarop dat die risiko en opbrengs verbonde aan 'n valutarekening (wat in daggeld en vaste depositos belê) laer is as die risiko en opbrengs verbonde aan 'n buitelandse belegging in aandele. Op die risiko-spektrum sien die verskillende randverskansers/buitelandse beleggings min of meer soos volg daar uit:

Lae risiko en opbrengs

	Plaaslike/buitelandsevaluta-rekening (daggeld, vaste deposito's)
	Polisse
	Gekoppelde effektetrustprodukte
	'On-shore'-effektetrusts
	Gestruktureerde fondse
	Gewaarborgde aandeleskemas
	Buitelandse eiendomstrusts (PUTS)
	Vaste eiendom
	Tenkhouers ('containers')
	'Off-shore'-effektetrusts
	Buitelandseaandele-portefeulje

Hoë risiko en opbrengs

Behalwe vir die twee pole (uiterstes) sal die waarneming van die risiko van die verskillende tipes buitelandse beleggings verskil van belegger tot belegger. Vir randverskansing moet hierdie risiko's ongelukkig aangegaan word, of jy daarvan hou of nie.

'n Polis

Daar kan via buitelandse beleggings (bv 'n buitelandseaandele-portefeulje) tot uittree-annuïteite en uitkeerpolisse bygedra word. Natuurlik is die gewone inkomstebelastingaftrekking by annuïteite van toepassing. Raadpleeg 'n makelaar vir die nuutste produkte. Jy sal ook toegelaat word om teen só 'n uitkeerpolis te leen of dit te sedeer.

Effektetrusts

Suid-Afrikaners kan tans in ongeveer 35 000 effektetrusts wêreldwyd belê. Vir doeleindes van hierdie bespreking is dit belangrik om kennis te dra van die drie breë kategorieë waaruit jy as belegger kan kies.

Eerstens kan jy in Suid-Afrikaanse effektetrusts belê wat in Suid-Afrikaanse aandele belê. Hierdie effektetrusts belê nie in buitelandse bates nie en bestaan onder meer uit die bekende algemene, spesialis- en inkomstetrusts (natuurlik ook ander groepe).

Tweedens kan jy in Suid-Afrikaanse effektetrusts belê wat in buitelandse bates (aandele) belê. Hierdie effektetrusts kan tans tot 100% van hulle bates in die buiteland belê. Hierdie Internasionale Fondse staan bekend as 'on-shore'-beleggings en voorbeelde is:

- ABSA Internasionaal
- BOE Wêreld
- Coronation Internasionale Groei
- Fedsure Wêreld
- Guardbank Wêreld
- Investec Wêreldwyd
- Ou Mutual Wêreld-aandele
- Sage Wêreld
- Sanlam Wêreld
- Southern Wêreld
- Standard Bank Internasionaal
- Syfrets Internasionaal
- Syfrets Universele Geleenthede

Daar word nie van jou as belegger verwag om enige toestemming of goedkeuring by die Reserwebank te verkry vir 'n belegging in hierdie 'on-shore'-effektetrusts nie. Die rede is hoofsaaklik omdat hierdie beleggings weer moet terugkeer na Suid-Afrika en nie deel uitmaak van die R500 000 wat jy uit die land kan verwyder (1999) en permanent in die buiteland kan belê nie. Jy as belegger kan byvoorbeeld R1 miljoen (of meer) op dié wyse in die buiteland belê deur middel van 'on-shore'-/'off-shore'-effektetrusts.

Derdens kan jy direk in buitelandse effektetrusts belê as deel van die R500 000 wat per persoon permanent in die buiteland belê mag word. Vir hierdie tipe effektetrustbelegging moet daar goedkeuring van die Reserwebank

verkry word. 'n Belegger sal gevolglik bepaalde Reserwebankvorms moet voltooi en moet bewys kan lewer dat daar geen agterstallige belastingbetalings is nie. Sodanige effektetrustbeleggings staan bekend as 'off-shore'-beleggings omdat die geld nie weer na Suid-Afrika hoef terug te kom nie en deur die Reserwebank moet gaan.

'n 'Off-shore'-effektetrustbelegging kan byvoorbeeld deur middel van Sanlam se Dublin Fonds en Ou Mutual se Guernsey Fonds gemaak word.

Net soos alle ander beleggings is die keuse in die buiteland nie so maklik soos in die bekende Suid-Afrika nie. Navorsing toon dat beleggers wat in die buiteland wil belê veral kyk na die sekuriteit, betroubaarheid en opbrengs van 'n fonds as die belangrikste beleggingskriteria. Natuurlik moet hierdie aspekte van kardinale belang wees by die keuse van buitelandse effektetrusts. Die vraag ontstaan onwillekeurig oor wie nou eintlik hierdie kriteria vir jou as belegger aan bepaalde buitelandse effektetrusts sal kan koppel.

Dit blyk dat 'n multibestuursbenadering of 'n fonds-van-fonds-benadering hier gevolg kan word. Hiervolgens sal 'n baie betroubare buitelandse maatskappy wat 'n toppresteerder is jou belegging vir verskeie buitelandse fondsbestuurders in verskeie sektore gee om te belê en te bestuur. Hierdie fondsbestuurders word elk beskou as van die beste op hulle onderskeie gebiede.

Vir die meer versigtige belegger is indekstrusts die aangewese effektetrusts om in te belê. Die opbrengs is deurgaans goed en die risiko betreklik laag. 'n Groep verskillende indekstrusts is nog beter.

Uit 'n ontleding van buitelandse effektetrusts blyk spesialistrusts bo-aan die lys te wees. Net soos Suid-Afrikaanse spesialistrusts is die risiko hoër, maar só ook die opbrengste. 'n Spesialistrust is 'n effektetrust wat in aandele belê in 'n spesifieke bedryf, byvoorbeeld rekenaars of finansies.

Daar is talle metodes om in buitelandse effektetrusts te belê en makelaars, finansiële instellings en versekeringsmaatskappye kan van hulp wees, hetsy vir 'n 'on-shore'- of 'n 'off-shore'-belegging.

Aandele

Dit is moontlik om in die buiteland in aandele te belê deur middel van Suid-Afrikaanse aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Hierdie tipe aandele verdien hul inkomste hoofsaaklik deur middel van buitelandse besigheid. Voorbeelde hiervan is Richmont, Minorco, Charter, Sasol en

Fit. Daar kan verder in uitvoeraandele (wat hul inkomste deur middel van uitvoer verdien) belê word, byvoorbeeld goud en platinum.

'n Voordeel is onder meer die buigsaamheid van jou belegging. Jy kan sowel koop as verkoop net wanneer jy wil. Nadele behels eerstens die gebrek aan sekuriteit vir jou kapitaal en tweedens die beperking van die Suid-Afrikaanse mark op jou diversifikasie. Sowel die risiko as die opbrengs is hoog.

Net so kan jy by 'n makelaar verder direk in buitelandse aandele belê. Dit is ook moontlik om by 'n versekeringsmaatskappy in prima buitelandse aandele te belê. 'n Gedeelte van hierdie aandele kan weer gebruik word om bydraes te maak tot uittree-annuïteite, uitkeerpolisse, bewaringsfondse en voorsorgfondse. Al is die bydraes tot die uittree-annuïteit deel van 'n buitelandse belegging, kan die gewone aftrekkings steeds vir doeleindes van inkomstebelasting gemaak word. Só 'n buitelandse aandelefonds vereis byvoorbeeld 'n minimum enkelbedragbelegging van R10 000 of maandelikse beleggings van R100.

Sodanige buitelandse aandelefonds hou 'n hoër risiko in as ander tipe beleggings, net soos gewone Suid-Afrikaanse aandele. Onthou egter jou doelwitte asook die opbrengs op jou belegging.

Tenkhouers

Tenkhouers ('containers') is seker een van die mees onbekende beleggingsinstrumente vir beleggers. Die verhuring van tenkhouers het reeds in die sestigerjare ontstaan en is vandag een van die metodes waardeur Suid-Afrikaners in die buiteland kan belê. Maar wie moet daarin belê?

Wat is 'n tenkhouer?

'n Tenkhouer word van vlekvrye staal gemaak en word gebruik om voedsel, motors, motorfietse, drank, vloeistowwe en chemikalieë te vervoer.

Hoe werk 'n belegging in 'n tenkhouer?

'n Individu of 'n groep mense kan 'n tenkhouer koop en dit in die buiteland laat verhuur ten einde 'n inkomste te verdien. Die tenkhouer is saam met ander in 'n poel en inkomste word uit die poel verdien.

Wie kan daarin belê?

Individue wat R150 000 kan bekostig, kan daarin belê. Net so kan individue wat

R30 000 het, gesamentlik met ander individue daarin belê. Dit is gevolglik hoofsaaklik vir die welgestelde belegger en veral vir diegene wat binnekort aftree (of afgetree het) en 'n inkomste uit 'n belegging verlang.

Erken die wet so 'n belegging?

Sowel die Kommissaris van Binnelandse Inkomste as die Reserwebank (valutabeheer) het dié soort skema goedgekeur.

Wat is die vernaamste voordele?

- Belastingbesparings
- Verskans belegging teen inflasie
- Verskans teen swak rand
- Begunstigde van so 'n boedel kan in die buiteland erf

Kan dit met ander beleggings gekombineer word?

Ja, 'n tenkhouer kan gekombineer word met

- annuïteite
- effektetrusts en
- bestuurde beleggingsrekenings

Hoe lyk die mark vir tenkhouers?

Daar is tans ongeveer 90 000 tenkhouers wêreldwyd in gebruik. Die verwagting is dat die vraag na dié soort vervoer geweldig gaan toeneem, omdat tradisionele metodes van vervoer afgeskaf word. Die ontwikkeling en opkoms van reuse multinasionale bedrywe in die VSA is grootliks vir die vraag verantwoordelik.

Hoe kan ek die koop finansier?

'n Gedeelte of die volle koopsom kan met geleende geld ('n lening) gefinansier word. Omdat die lening aangegaan word om 'n inkomste te verdien, is die rente daarop belastingaftrekbaar. Net so word die koopsom oor vyf jaar (teen 20% per jaar) in die vorm van waardevermindering afgeskryf.

Waarop betaal ek belasting?

Die belegger betaal belasting op die inkomste wat verdien word – dit vorm deel van die belegger se bruto inkomste. Sou die belegger 'n kapitaalwins maak by die verkoop van die tenkhouer, is geen belasting daarop betaalbaar nie. Daar sal wel in laasgenoemde geval (verkoop) 'n belastingterugbetaling wees van toelae wat tot op datum van verkope ontvang is. BTW is betaalbaar tydens aankope, maar dié bedrag kan binne twee maande terugontvang word (nadat dit teruggeëis is).

Hoe lyk my beleggingsbewys?

'n Belegger ontvang 'n afskrif van 'n gesertifiseerde eienaarskapsertifikaat van die Reserwebank (wat die oorspronklike kopie hou). Elke tenkhouer het drie nommers, naamlik 'n

- identiteitsnommer
- bedryfsnommer
- internasionale sertifiseringsnommer

Hoe ontvang ek my inkomste?

Inkomste word kwartaalliks agteruit betaal.

Kan ek saam met iemand koop?

Ja. Tot vier persone kan 'n tenkhouer koop. Elkeen ontvang dus 25% eienaarskap en inkomste, en koste word pro rata tussen die mede-eienaars verdeel.

Kan ek die tenkhouer verkoop?

Ja. Die agent sal dit bemark en die dokumentasie hanteer. Dit kan slegs aan 'n Suid-Afrikaanse belegger(s) verkoop word, omdat dié soort belegging slegs vir ons geskep is.

Is daar ander risiko's?

Nee. Die poel van tenkhouers dra gesamentlik die risiko. Die belegger kan nooit vir enige 'iets' rondom die bedrywighede (al dan nie) van die tenkhouer aanspreeklik gehou word nie.

Wie bestuur my belegging?

In die buiteland sal verhuringsagente uiteindelik jou belegging bestuur. In Suid-Afrika sal die belegger 'n agent (tydens die koop van die houer) aanwys, wat bepaalde ooreenkomste (namens die belegger) met die verhuringsagente aangaan. Jou agent vra 'n bestuursfooi van 5% van die bruto inkomste wat die tenkhouer verdien.

Waar koop/belê ek?

Ocean Container Investments, Seef Container Investments, Investec Bank, International Tank Containers, Multistar Container Transport en Medite Containers bemark die beleggings. Nuwe produkte word saam met finansiële instellings ontwikkel, byvoorbeeld ENB en Southern Lewens se 'Combo-Link'. Ontleed en vergelyk eers hierdie maatskappye voordat jy een kies om te belê.

Wat is my opbrengs?

Die opbrengs word bepaal deur die mate van besetting/gebruik (10%, 20%, 80%) van die tenkhouerpoel. 'n Hoë besetting (80%) sal 'n hoër opbrengs lewer. 'n Baie lae besetting (10%) kan veroorsaak dat daar geen opbrengs op jou belegging ontvang word nie.

Oor watter termyn moet ek belê?

Verkieslik moet jy vir 5 tot 10 jaar daarin belê ten einde die maksimum belastingvoordele en randverskansingsvoordele te behaal.

Watter persentasie moet ek hierin belê?

Verkieslik nie meer as 10% van jou beleggingsportefeulje nie.

ONTHOU, KIES DAARDIE RANDVERSKANSINGSPRODUK(TE) WAT DIE BESTE BY JOU BEHOEFTES EN DOELWITTE PAS

Seiljagte

Daar kan ook in seiljagte belê word as randverskansing. Dit funksioneer soortgelyk aan tenkhouers en beleggers ontvang boonop 'n gratis week per jaar op die seiljag. MASMAS (Marine Syndicate Management Systems) is 'n voorbeeld

van so 'n seiljagbeleggingsmaatskappy. Dié beleggings is vir beleggers met dieselfde behoeftes as wat by tenkhouers geld.

Krugerrande

Krugerrande is 'n goeie randverskanser en kan in die primêre mark by die Suid-Afrikaanse Munt en in die sekondêre mark (waar verhandeling plaasvind) by banke, makelaars en die publiek gekoop word. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank koop ook Krugerrande as jy van joune ontslae wil raak. Hoe laer die waarde van die randwisselkoers, hoe hoër die waarde van jou Krugerrande.

Daar word verder in hierdie bespreking na geheime kapitaal/bates verwys. Krugerrande is 'n voorbeeld van geheime kapitaal wat weggesteek kan word. Daar is natuurlik bepaalde risiko's en koste aan verbonde, naamlik diefstal; geen kapitaalgroei of rente-inkomste oor sekere periodes nie; asook die koste om dit veilig by 'n bank te bewaar.

'n Gedeelte van jou pakket kan dus in Krugerrande belê word as die pakket groot genoeg is of jy genoeg ander inkomste en/of kapitaal het om van te leef tot lank ná aftrede. Myns insiens behoort Krugerrande egter nooit meer as 5% van jou beleggingsportefeulje uit te maak nie.

Vaste eiendom in die buiteland

Natuurlik kan jy vir dieselfde redes deur middel van 'n betroubare Suid-Afrikaanse eiendomsagentskap in oorsese eiendom (onroerende eiendom) belê. Jy kan of direk in oorsese eiendom belê en dit koop, of jy kan in eiendomstrusts belê. Net so is dit moontlik om in tyddeel te belê wat internasionaal uitruilbaar is.

Jy moet egter nie sonder meer aanvaar dat jy in die buiteland 'n beter opbrengs sal behaal op vaste eiendom nie, veral nie waar jy as individuele belegger optree nie. Sindikasie (waar jy saam met 'n groep beleggers belê) lyk na 'n beter opsie omdat 'n beter graad eiendom gekoop of eiendomsbelegging gemaak kan word vanweë die groter koopsom. 'n Sindikaatbelegging kan gevolglik ook meer die beleggingsrisiko versprei (verlaag) deur middel van diversifikasie.

Om uit Suid-Afrika te spekuleer (al word eiendom opgeknap en teen 'n wins verkoop) lyk op hierdie stadium eerder na 'n voltydse werk en klink eerder na

'n dreigende emigrasiegeval as na 'n buitelandse belegging. Iemand wat al in Pretoria gebly en 'n eiendomsbelegging in Kaapstad gemaak het, sal weet hoe beleggersfrustrasie en -magteloosheid voel en presies weet waarvan hier gepraat word – wat nog van eiendom in die buiteland?

Sou jy in die buiteland eiendom koop en die R500 000 gebruik wat permanent daar kan bly, sal jy vind dat dit slegs vir 'n deposito op 'n oorsese eiendom gebruik sal kan word (ná die omskakeling van jou geld).

Diegene wat in oorsese eiendom wil belê kan gerus die buitelandse eiendomsreus FPDSAVILLS raadpleeg. Dit is een van die wêreld se grootste drie eiendomsagentskappe en is tans ook in Suid-Afrika gevestig. Vir meer inligting skakel (021) 762–9780 of gebruik die Internet www.fpdsavills.co.za .

'n Uitvoerbesigheid

Daar is reeds aandag gegee aan die belegging van 'n pakket (of 'n gedeelte daarvan) in 'n besigheid (sien afdeling 4.3). Die ideaal sou natuurlik wees as jy hierdie opsie sou kies om in 'n uitvoerbesigheid te belê – dit te koop. 'n Uitvoerbesigheid bied jou die ideale geleentheid om wins te maak uit die voortdurende daling in die waarde van die rand. Die primêre voordeel is dat jy jou besigheidsinkomste ontvang in 'n geldeenheid wat meer werd is as die rand. Sou jy nou jou inkomste omskakel na randwaarde, kry jy baie meer.

Inligting omtrent uitvoergeleenthede (besighede) is maklik bekombaar en daar word selfs vir jou gesê watter produkte/dienste in watter lande in die buiteland benodig word. Net so kry jy inligting oor hoe om die besigheid te begin en hoe dit funksioneer as deel van 'n volledige besigheidsplan. Bronne van inligting is onder meer televisieprogramme, tydskrifte, en seminare wat in koerante geadverteer word.

'n Besigheid in die buiteland

Jy kan ook 'n besigheid in die buiteland begin of koop. As jy inkomste verdien uit 'n buitelandse besigheid wat 'n handelswins maak, is die wins nie in Suid-Afrika belasbaar nie, maar wel in die buiteland. 'n Buitelandse besigheid wat inkomste uit beleggings verdien word hierby uitgesluit en die inkomste sal in Suid-Afrika belas word.

'n Buitelandse trust

Suid-Afrikaanse trusts se langtermynvoordele word bedreig.

BOEDELBELASTING OP TRUSTS IS ONS VOORLAND

Die geweldige finansiële las wat die staat op die bates/boedels van individue geplaas het deur middel van boedelbelasting, het talle individue genoop om hulle tot trusts vir doeleindes van boedelbeplanning te wend.

Tans (1999) word ongeveer 600 tot 650 trusts per maand in Pretoria geregistreer. 'n Toekomstige probleem wat die stigters van sodanige trusts in die gesig kan staar, is die heffing van boedelbelasting op trusts.

Boedelbelasting op trusts het reeds in 1987 in die ou regering se witskrif op die tafel gelê. Daarvolgens sou trusts elke 15 tot 21 jaar belas word asof die trust te sterwe gekom het. 'n Mens kan aanvaar dat die landsbegroting (met sy gebrek aan belastingbetalers) die nuwe regering binnekort sal 'dwing' om tot dié drastiese stap oor te gaan.

Waarom?

Waarom trusts belas? Om die land se begroting te finansier en in 'n steeds groeiende bevolking se nimmereindigende behoeftes aan opvoeding, behuising, mediese dienste en regstellende optrede te voorsien.

Einde van trusts?

Is dit die einde van trusts? Nee, baie beslis nie. Trusts is tans 'n boedelbeplanningsinstrument waarvoor daar nie 'n alternatief bestaan nie. Dit is egter belangrik dat individue wat trusts wil skep (asook diegene wat dit reeds gedoen het) sal besef dat dit nie die eindpunt is nie, maar dat toekomstige beplanning opnuut gedoen sal moet word.

Implikasies

Wat is die implikasies vir trustbates? Die spesifieke batesamestelling van die trusts (bv slegs plase of geboue of slegs kontant) sal verskillende implikasies vir skenkers, inkomste- asook kapitaalbegunstigdes inhou.

Trusts sal likied genoeg moet wees om wel byvoorbeeld elke twintig jaar boedelbelasting of kapitaalgroeibelasting te kan betaal. Dit sou beteken dat skenkers met net vaste bates (min kontant-likiditeit) in die trust kontant aan die

trust sal moet skenk (of bates te gelde maak – binne of buite die trust) om dié finansiële verpligtinge te kan nakom.

Voorbeeld: Gestel 'n pa stig 'n trust vir sy tweejarige seun. Volgens huidige wetgewing is daar geen boedelbelasting ter sprake ten opsigte van die kapitaalgroei van trustbates nie.

Daarenteen sal boedelbelasting op trusts beteken dat die trust (met die seun as trustbegunstigde) 62 jaar later reeds drie keer boedelbelasting sou betaal het. Sou die pa sy bates na sy seun laat vererf het, of dit aan die seun geskenk of verkoop het sonder om 'n trust te stig, sou die seun op 62-jarige ouderdom (indien hy nog leef) nog geen boedelbelasting moes betaal nie.

Hoër belasting?

Gaan die boedelbelastingkoers eers verhoog word? Die boedelbelastingkoers sal beslis verhoog word (tans 25% op 'n boedel groter as R1 miljoen). Die 25%-koers sal verhoog word, terwyl die korting van R1 miljoen verlaag sal word (bv na R500 000). Ons kan verwag dat boedelbelasting op trusts nie gehef sal word alvorens dié koers- en kortingaanpassing plaasgevind het nie.

Rentevrye lenings?

Wat van rentevrye lenings? Daar kan verwag word dat lenings nie meer in die toekoms rentevry sal kan plaasvind waar bates aan 'n trust verkoop word nie.

Sou dié vernietigende wet geïmplementeer word, sal dit verskillende finansiële implikasies vir verskillende boedels inhou.

Maar nou ja, dan maak ons maar net ander planne!

Dit blyk dat Suid-Afrikaanse beleggers nie slegs vir doeleindes van beleggingsbeplanning in die buiteland gaan belê nie, maar ook vir boedelbeplanning ten einde bates vir die nageslag te beskerm.

Hier dink ons veral aan die een of ander vorm van 'n buitelandse trust in 'n beleggings- en belastingvriendelike land.

'N BUITELANDSE TRUST BIED BESKERMING

Sedert 1 Julie 1997 hou 'n buitelandse trust bepaalde voordele vir Suid-Afrikaners in. Dit is veral 'n teenvoeter vir die Katz-kommissie se vernietigende aanslag op elke individu se swaarverdiende bates.

Uit die vorige bespreking behoort dit reeds duidelik te blyk dat trusts in

Suid-Afrika in die toekoms deur die Katz-kommissie se opvolgers belas gaan word.

Wat is 'n trust?

'n Trust is 'n onafhanklike entiteit (regsliggaam) wat veral vir doeleindes van boedelbeplanning gebruik word. Die oprigter van die trust plaas bates daarin om die kapitaalgroei daarvan in sy eie boedel te beperk (te stop). Boedelbelasting word bespaar. Die oprigter (skenker) behou beheer oor die bates, maar verloor die eiendomsreg daarvan ten gunste van die trust. Inkomstebelastingvoordele word verder bekom.

Wat is 'n buitelandse trust?

'n Trust word 'n buitelandse trust genoem as dit in een van die wêreld se 'belastingvriendelike' lande ('tax havens') geregistreer is. Voorbeelde is lande soos Jersey, die Isle of Man, Guernsey, Luxemburg, Monaco, Liechtenstein, die Nassau-eilande, ens.

Voordele van 'n buitelandse trust

- 'n Buitelandse trust is 'n plaasvervanger vir die opstel van 'n buitelandse testament. In die geval van 'n testament (plaaslik en buitelands) word die testateur se bates eintlik aan almal bekend gemaak. By 'n buitelandse trust word geen bates aan ander individue (derde partye) bekend gemaak nie. Vertroulikheid word eerste gestel.
- Jou bates word beskerm teen plaaslike wetlike en politieke verwikkelings, omdat dié bates aan 'n buitelandse trust behoort en nie direk beïnvloed word nie. Nuwe wetgewing raak dus nie jou bates in 'n buitelandse trust nie.
- Bates in dié trust is beskerm teen huidige boedelbelasting asook 'n verhoging in die koers (in 1999 25% bo R1 000 000) en/of 'n verlaging in die korting (tans R1 000 000).
- Waar buitelandse bates in 'n buitelandse trust is, kan dit maklik deur begunstigdes opgespoor word.
- Bates kan maklik verdeel word tussen kapitaalbegunstigdes.
- Internasionale belastingvoordele word bekom in dié uiters belastingvriendelike lande.

- Internasionale fondsbestuurders is in 'n ideale posisie om dié buitelandse bates te bestuur deur beleggings en herbeleggings te maak. Dié fondsbestuurders geniet meer vryheid as hul eweknieë in Suid-Afrika.
- Buitelandse trustbates geniet beskerming teen die sekwestrasie van die oprigter van die trust. Dieselfde geld vir toekomstige aanspreeklikhede.
- Inkomstebelastingvoordele word bekom in dié 'vriendelike' lande – dit is tog immers wat hulle is, want hulle beskerm diegene wat daar belê.

Diegene wat nog steeds die R500 000 na die buiteland wil neem, moet mooi dink aan die voordele wat 'n buitelandse trust bied.

Sou amnestie verleen word aan persone wat geld en bates 'onwettig' in die buiteland het, kan hulle ook van 'n buitelandse trust se verdere (toekomstige) beskerming gebruik maak.

'n Besigheidstrust

Jy kan 'n besigheidstrust oprig om onder meer:

- 'n besigheid in Suid-Afrika te begin
- 'n uitvoerbesigheid te begin
- 'n besigheid in die buiteland te koop of te begin
- buitelandse beleggings of geheime kapitaal deur middel van 'n trust te bestuur

Kyk verder na belastingskuilingslande en vra 'n kundige om te help met die besigheidstrust in 'n gemeneregland. Koppelings tussen besigheidstrusts en maatskappye hou talle voordele vir die oprigter (jy) in. Seker die vernaamste voordele is onder meer: inkomste- en boedelbelastingbesparings, die beskerming van geheime kapitaal, en al die gewone trustvoordele.

'n Beleggingstrust

Die ideale plek om 'n buitelandse beleggingstrust op te rig is in 'n belastingvriendelike/belastingskuilingland. Beleggings kan daarin geplaas word deur dit aan die trust te leen of te verkoop, afhangende van die aard van die belegging (bv 'n enkelbedrag of vaste eiendom). Dit is veral geskik vir diegene wat reeds oor geheime kapitaal in die buiteland beskik. Uit hierdie beleggingstrust kan daar nou verdere beleggings in ander lande in die buiteland gemaak word.

Skenk weereens baie aandag aan die opstel van die trustakte wanneer jy 'n

kundige raadpleeg. Let veral op die mate van beheer wat jy oor die kapitaal kan behou, byvoorbeeld deur aan te dui dat jy as die oprigter geregtig is op sowel die inkomste as die kapitaal, sou jy dit benodig. Let veral op die politieke stabiliteit van die land waarin jy jou beleggingstrust wil oprig. Raadpleeg verder 'n regsgeleerde ten einde die gemenereg- of sivielereg-implikasies van 'n betrokke land op die oprigting van jou beleggingstrust te verduidelik.

Buitelandse boedels en skenkings

Suid-Afrikaners moet versigtig wees as hulle oor skenkings- en boedelbelasting met betrekking tot buitelandse bates/beleggings moet besluit. Raadpleeg 'n kenner rakende internasionale boedel- en geskenkbelasting omdat jy dalk baie duur foute kan begaan. Moenie sonder meer aanvaar dat jy later of na jou dood sekere bates of beleggings na 'n trust (byvoorbeeld) kan oordra nie. Lande met 'n regstelsel ingevolge die siviele reg kan probleme hê met jou trust. Net so kan dit gebeur dat jy dalk in 'n land geskenkbelasting moet betaal of in twee lande (waarvan een Suid-Afrika) boedelbelasting. 'n Kundige kan jou help om nie geskenk- of boedelbelasting te moet betaal nie.

Let verder daarop dat trustbegunstigdes en/of die trust aanspreeklik vir die betaling van inkomstebelasting gehou kan word, afhangende van onder meer

- die regte van trustbegunstigdes
- die diskresionêre magte van die trustees
- of inkomste verdeel word tussen die trust, trustbegunstigdes en die trustees
- of inkomste behou word deur die trust

Onlangse belastingwetgewing het die belasbaarheid van buitelandse inkomste drasties gewysig, onder meer:

- Waar kapitale skenkings of laerentelenings aan 'n trust of nie-inwoner van Suid- Afrika gemaak word, is alle inkomste wat daaruit mag voortspruit belasbaar in die hande van die skenker.
- Indien 'n buitelandse trust meer as 50% van sy inkomste aan 'n Suid-Afrikaanse inwoner gee, is die inkomste belasbaar al sou dit in die vorm van kapitaal ontvang word

Jy moet gevolglik nie die volgende doen as jy oor 'n buitelandse trust beskik nie:

- Moenie 'n buitelandse trust deur 'n skenking of lening vorm as jy (as skenker) boonop 'n begunstigde van die trust is nie.
- Moenie trustinkomste of -kapitaal na 'n Suid-Afrikaanse inwoner oordra tensy daar ook nie-Suid-Afrikaanse inwoners as begunstigdes is nie.

Ja, daar is talle belastingslaggate by buitelandse skenkings, boedels, inkomste en trusts. Onthou dit as jy met jou pakket handel.

Gestel jy erf in die buiteland. Jy het nou 30 dae om hierdie buitelandse bates deur middel van jou bank aan die Reserwebank te verklaar indien jy dit in die buiteland wil laat. Die buitelandse bates kan nou in 'n trust gelaat word indien die Reserwebank oortuig is dat jy die inkomste daaruit na Suid-Afrika sal bring vir die trust. Die rede is om te voorkom dat Jan Taks ook saam kan erf en jy nie boonop deel van die inkomste in die buiteland kan aanwend nie.

Natuurlik kan jy met geheime kapitaal handel soos jy wil. Jy wil dit dalk juis in 'n belastingvriendelike land belê en jou teen Jan Taks beskerm.

Betaal jou skuld

Dit is nie werklik 'n randverskanser nie, maar kom ons kyk daarna. Namate die rand daal, word invoere al hoe duurder en moet jy al hoe meer vir petrol en ander goedere betaal. Jou begroting gaan al hoe minder klop en jy gaan toenemend minder geld vir plaaslike of buitelandse beleggings hê.

Reisigerstjeks

Reisigerstjeks in buitelandse valuta ('n buitelandse geldeenheid) kan ook as 'n randverskanser oor 'n relatief kort termyn (een week) gebruik word.

INTERNASIONALE DIVERSIFIKASIE

Met internasionale diversifikasie word onder meer die volgende bedoel:

- Jy belê in verskillende lande.
- Jy belê in verskillende buitelandse beleggingsprodukte in verskillende bedrywe/sektore.
- Jou beleggings word geïnternasionaliseer.
- Jou totale beleggingsrisiko verlaag terwyl jou beleggingsopbrengste oor die lang termyn verhoog.
- Jy beskerm jouself teen die daling in jou reële welvaart.

- Jou internasionale risiko is laer en jou internasionale welvaart verhoog.

DOEN EERS JOU HUISWERK VOOR JY IN DIE BUITELAND BELÊ

Voordat jy in die buiteland belê, is daar eers 'n magdom huiswerk om te doen waarna 'n magdom besluite volg. 'n Buitelandse belegging kan gevolglik nooit halsoorkop gedoen word nie. Hopelik sal jy self uitvind nadat jy met 'n paar mense en makelaars gepraat het dat die aanvanklike reeks oningeligte besluite net nie wil ophou nie. Namate jy deur die leerkurwe en leerproses gaan, sal jy weliswaar uitvind dat die oningeligte hier 'n gevaarlike pad probeer loop.

Kom ons kyk na die huiswerk wat jy behoort te doen voordat jy in die buiteland belê:

- Onthou eerstens dat jy jou pakket wil belê ten einde finansieel onafhanklik te kan aftree.
- Raadpleeg verskeie bronne van buitelandse beleggingsinligting (sien latere bespreking daarvan).
- Raadpleeg verskeie makelaars en kundiges.
- Maak seker dat jy weet waarom jy in die buiteland wil belê.
- Bepaal jou risikoprofiel.
- Kyk of jou beleggingsdoelwitte by jou aftreedoelwitte inskakel.
- Besluit in watter produkte, lande, geldeenhede (valuta) jy wil belê.
- Vermy alle swendelaars en moenie te optimisties of te pessimisties wees nie – sorg dat jy realisties bly.
- Vind uit of jy Reserwebank-goedkeuring sal benodig vir jou spesifieke belegging.
- Maak seker dat jy weet watter vorms die Reserwebank en jou eie bank sal wil hê jy moet voltooi en watter addisionele bewyse hulle verlang.
- Vind uit of die maatskappy se manier van sake doen vir jou aanvaarbaar is (hoe funksioneer hulle in die buiteland – dienste, vertroulikheid, produkte wat hulle aanbied?).
- Hoe lyk die lande waarin jy wil belê met betrekking tot politieke stabiliteit, taal, godsdiens, erkenning, die sterkte van hulle geldeenheid, belastingwetgewing (inkomste-, geskenk- en boedelbelasting) en wetgewing met betrekking tot trusts en maatskappye?
- Bepaal saam met die makelaar/maatskappy die presiese tydsberekening wanneer jou belegging na 'n ander geldeenheid omgeskakel moet word.

- Bepaal die stand van die buitelandse lande se ekonomiese siklusse en belê in daardie spesifieke lande (bv tydens 'n fase van ekonomiese herstrukturering) waarvan die siklus gunstig is vir die groei van jou belegging.
- Beoordeel die beleggingsrisiko in die spesifieke lande in die buiteland.
- Vergewis jouself van die bestuurstyl, reputasie, infrastruktuur en prestasierekord van die buitelandse fondsbestuurder (veral in swak markte).
- Stel vas wat die inflasie- en rentekoerse in die lande in die buiteland is waar jy wil belê.
- Ontleed die lande se beleggingsgeskiedenis vir beleggers.

WAAR KRY EK INLIGTING OOR BUITELANDSE BELEGGINGS?

Jy kan onder meer die volgende bronne van buitelandse beleggingsinligting raadpleeg:

- inligtingsbrosjures wat deur makelaars uitgegee word
- nuusbriewe van finansiële instellings, versekeringsmaatskappye en makelaars
- die Internet (www.businessweek.com, www.yahoo.com, www.micropal.com, ens)
- plaaslike koerante (*Sunday Times*)
- buitelandse koerante (*Financial Times, Asia Money, Money Observer, International Money Marketing*, ens)
- plaaslike inligtingsbesighede (International Information Business en Stock Press)
- gerekenariseerde beleggingsontledings (Micropal, Money Mate)
- die Universiteit van Pretoria se kwartaallikse Effektetrustopname

HOEVEEL MAG EK TANS IN DIE BUITELAND BELÊ?

'n Bedrag van R500 000 per persoon mag tans permanent in die buiteland belê word. Die normale Reserwebankvereistes geld hier, omdat die geld nie weer na Suid-Afrika hoef terug te kom nie. Onthou weereens dat hier na 'off-shore'-beleggings verwys word.

Sou jy in die buiteland wil belê in die vorm van 'n 'on-shore'-belegging, mag jy enige bedrag (daar is geen maksimum nie) belê, omdat die belegging weer na Suid-Afrika moet terug. Dit mag gevolglik nie in die buiteland gebruik word nie.

Dit is natuurlik moontlik om deur middel van 'n skenking aan 'n gade (wat nie self oor R500 000 beskik nie) en rentevrye lenings aan gesinslede (asook ouers) baie meer as R500 000 in die buiteland te belê.

HOEVEEL BEHOORT EK IN DIE BUITELAND TE BELÊ?

Die gemiddelde belegger behoort nie meer as 20% van 'n portefeulje in die buiteland te belê nie. Die welgestelde belegger wat oor voldoende bates beskik en skuldvry in die buiteland kan belê, kan selfs tot 50% in die buiteland belê. Nogtans kan geen vaste persentasie bepaal word wat in die algemeen toegepas kan word nie. Besluit self, nadat jy die nodige inligting bekom het, waar jy inpas.

IN WATTER GELDEENHEID MOET EK BELÊ?

Die gewildste geldeenhede bly steeds die Amerikaanse doller en die Britse pond. Daarna kan Europa se nuwe geldeenheid, die euro, gekies word. Die doller bly steeds die nommer een-keuse.

IN WATTER LAND(E) MOET EK BELÊ?

Opkomende lande bied normaalweg goeie beleggingsgeleenthede – so sê internasionale beleggers. Selfs Suid-Afrika verskyn op die lys van lande wat as opkomend beskou word.

Nee, hou by die wenners as jy jou pakket wil belê: Noord-Amerika, die Verenigde Koninkryk en Wes-Europa bied langtermynvoordele.

Kyk verder of jy nie eerder in belastingvriendelike lande moet belê en van 'n trust(s) gebruik moet maak vir jou belegging/besigheid nie.

Suid-Afrikaanse beleggers kies veral die Isle of Man en die Engelssprekende (Britse) Kanaaleilande, naamlik Guernsey en Jersey, as belastingskuilingland. Die Britse owerheid het aan hulle totale finansiële onafhanklikheid verleen ten einde hulle beleggers op 'n aanvaarbare wyse en vlak te beskerm. Die regstelsel en belastingstelsel is verder aanvaarbaar vir Suid-Afrikaners.

BELASTINGVRIENDELIKE LANDE

Dit is wel moontlik om jou pakket (of 'n gedeelte daarvan) in die buiteland te belê in 'n land waar jy geen inkomstebelasting hoef te betaal nie. Sulke lande

word belastingvriendelike lande of belastingskuilinglande genoem. Jy kan gevolglik in sulke lande belê en jou maandelikse inkomste ontvang sonder om daarop belasting hoef te betaal. Alle inligting rakende jou belegging in sulke lande word as uiters vertroulik hanteer en word nie aan enige ander land bekend gemaak nie.

Sekere belastingvriendelike lande het wel 'n lae belastingkoers. Maak gevolglik seker dat jy die belastingimplikasies van jou belegging in sulke lande begryp. Enkele voorbeelde van belastingskuilinglande is Guernsey, Vanuatu, Bermuda, die Bahamas, die Kaaiman-eilande, die Britse Maagde-eilande, die Nederlandse Antille, Jersey, Gibraltar, Antigua, en die Cook-eilande.

Belastingvriendelike lande is veral geskik vir die oprigting van 'n buitelandse beleggingstrust.

RIGLYNE VIR JOU BELEGGING – JOU INTERNASIONALE BELEGGINGSTRATEGIE

- Besluit eers hoeveel geld jy tot jou beskikking het om te belê.
- Gaan jy 'n enkelbedrag belê of maandeliks vanuit 'n ander bron/belegging?
- Besluit of jy 'on shore' of 'off shore' wil belê.
- Kies nou een of meer beleggingsprodukte, byvoorbeeld 'n tenkhouer, effektetrusts en aandele.
- Kies byvoorbeeld 'n bepaalde tipe effektetrust in 'n bepaalde bedryf.
- Diversifiseer verder deur nie slegs in een effektetrust te belê nie, maar in meer as een, byvoorbeeld vyf verskillende indekstrusts.
- Die spesifieke beleggingskeuses moet jou behoeftes aan inkomste of kapitaalgroei vervul.
- Kies veilige lande en veral belastingvriendelike lande om in te belê.
- Stig 'n trust indien jy op dié wyse in 'n belastingvriendelike land inkomstebelasting kan vermy.
- Gebruik die Internet en persoonlike verwysings deur makelaars (wat jy nagevors het) en kies 'n bestuursmaatskappy vir jou belegging.
- Maak seker dat jy die beleggingsrisiko begryp.
- Monitor jou beleggingsprestasie deur van die Internet gebruik te maak.
- Moet nooit emosionele besluite neem op die kort termyn rakende jou langtermynbelegging nie.
- Onthou deurgaans jou beleggingsdoelwitte.

- Vergelyk jou internasionale beleggingstrategie met die aftreebeplanningsproses in afdeling 4.4 en maak seker dat jy jou aftreedoelwitte gaan bereik.
- Maak seker dat jy nie slegs in opkomende lande (markte) belê nie, omdat hulle almal deur min of meer dieselfde faktore beïnvloed word en jy reeds in Suid-Afrika aan 'n opkomende mark (met al die risiko's daaraan verbonde) blootgestel is.
- Sien jou belegging in 'n opkomende land (mark) as 'n medium- tot langtermynbelegging.

Hierdie is maar net 'n aantal baie breë riglyne wat saam met die talle ander inligting geëvalueer en gebruik moet word om 'n meer ingeligte en doelgerigte buitelandse beleggingsbesluit te neem.

JOU BUITELANDSE BELEGGINGSIKLUS

Daar is reeds na die belangrikheid van kennis omtrent jou eie beleggingsiklus asook die stand van die algemene ekonomiese siklus verwys. By buitelandse beleggings werk dit presies dieselfde. Ons wil graag belê in lande wat tans onderwaardeer is en wat na verwagting in die toekoms gaan groei in beleggingswaarde, onder meer vanweë 'n ekonomiese herstrukturering/opbou en oplewing. Daarom is dit belangrik dat ons as potensiële beleggers sulke lande sal identifiseer voordat bepaalde sektore en aandele vir belegging gekies word. Daarom moet jy 'n land(e) kies waarvan die ekonomie óf herstel óf in 'n resessie is.

'N PLAASLIKE BUITELANDSEVALUTA-BANKREKENING

Dit is tans moontlik om deur middel van 'n plaaslike bankrekening in die buiteland te belê. Hierdie opsie word veral gekies deur die meer versigtige belegger wat risiko wil vermy, vanweë watter rede(s) ook al. Jy kan jou buitelandse belegging óf in daggeld óf op vaste deposito belê. Die eerste stap is natuurlik om te besluit in watter buitelandse geldeenheid jy jou geld wil hou. Dit kan in verskillende geldeenhede wees. Let daarop dat hierdie belegging slegs 'n belegging by 'n buitelandse bank kan wees, nie in eiendom of aandele nie. Vergewis jouself van die minimum/maksimum beleggingsbedrag, die rentekoers wat jy sal verdien, asook die koste om die geld te belê. Dit is veral geskik vir die 'klein' belegger.

'N BUITELANDSEVALUTA-BANKREKENING IN DIE BUITELAND

Dit is verder moontlik om 'n buitelandsevaluta-bankrekening in die buiteland te open vir randverskansing. Die rentekoerse wat hier verdien word is ongelukkig maar laag en sal selfs ná die daling in die rand nie hoër wees as 'n plaaslike bankbelegging nie. Vergelyk gevolglik verskillende banke om die nodige inligting in te samel.

Daar kan ook van die talle internasionale banke wat tans in Suid-Afrika is, gebruik gemaak word.

HOE WERK SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYE MET BETREKKING TOT BUITELANDSE BELEGGINGS?

Plaaslike maatskappye wat effektetrusts bemark, het 'n buitelandse komponent by hul maatskappye gevoeg en verskillende metodes is gebruik, onder meer: maatskappye het kantore in die buiteland geopen; vennootskappe met buitelandse instellings is gevorm; alliansies tussen plaaslike en buitelandse instellings is gevorm waarby plaaslike instellings as agente van buitelandse instellings optree; en verskeie buitelandse fondsbestuurders is by verskillende instellings aangestel wat soos die behoefte ontstaan, gebruik word vir buitelandse beleggings in 'n bepaalde produk.

Daar is ook buitelandse instellings wat reeds in Suid-Afrika sake doen ten einde buitelandse beleggings te lok.

Net so het banke en versekeringsmaatskappye buitelandse fondsbestuurders in verskeie lande aangestel asook bepaalde fondse in spesifieke lande gestig vir die belegging van Suid-Afrikaners se R500 000. Een of meer asook kombinasies van eersgenoemde metodes word dwarsdeur Suid-Afrika deur makelaars, finansiële instellings en versekeringsmaatskappye met betrekking tot hul buitelandse beleggingsafdelings gebruik.

Verder bied hierdie instansies onder meer die volgende tipe buitelandse fondse aan: wêreld- of internasionale fondse, sektorfondse, aandelefondse, staatseffekte, geldmarkfondse en geldeenheidfondse.

WAT KOS DIT OM IN DIE BUITELAND TE BELÊ?

Dit is onmoontlik om in hierdie skrywe die koste van buitelandse beleggings weer te gee. Vergewis jouself egter van die aanvanklike koste en die jaarlikse koste (of bestuursfooi). Daar kan egter aanvaar word dat die koste verbonde

aan 'n buitelandse belegging altyd hoër as dié van Suid-Afrikaanse beleggings sal wees. Hierdie koste sal veral aanvanklik die opbrengs op jou buitelandse belegging verlaag.

Sou ons die koste verbonde aan die belegging van die R500 000 in 'n buitelandse fonds as voorbeeld neem, dan sien die koste daarvan soos volg daar uit:

Aanvanklike koste	5%
Diensfooi	1,15%
Verpligte koste	0,60%
Aanvanklike koste op herbelegging van inkomste	5%

Natuurlik moet die voordele verbonde aan so 'n belegging met die koste vergelyk word ten einde die nodige perspektief te bekom.

VERGELYK ALTYD DIE KOSTE MET DIE VOORDELE (INKOMSTE/KAPITAALGROEI)

WAT BEPAAL BUITELANDSE BELEGGINGSOPBRENGSTE?

Eerstens bepaal die tipe belegging die opbrengs wat daarmee gepaard gaan. Oor die lang termyn blyk aandele kontant, staatseffekte ('bonds') sowel as onroerende eiendom te klop. Tweedens moet die gewig (persentasie van die totale portefeulje) van die tipe belegging bepaal word, byvoorbeeld:

Aandele 60%
Staatseffekte 20%
Eiendom 10%
Kontant 10%

Derdens kan daar besluit word oor die tipe ekonomie, naamlik 'n ontwikkelde land of 'n opkomende land, byvoorbeeld:

60%	Ontwikkelde lande (VSA)
40%	Opkomende markte (Brasilië, Singapoer, Maleisië, ens)

Vierdens moet 'n besluit oor die bepaalde geldeenheid binne 'n bepaalde land geneem word, byvoorbeeld:

60% Amerikaanse doller	VSA 60%
40% Britse pond	
Kies watter geldeenheid(ede) in Brasilië	Brasilië 40%

Al hierdie besluite sal noodwendig (saam met talle ander, bv die van die fondsbestuurder) 'n invloed uitoefen op jou buitelandse beleggingsopbrengste.

BELASTING OP BUITELANDSE BELEGGINGS

Dit is nie moontlik om die belastingposisie rakende buitelandse beleggings hier te bespreek nie, onder meer vanweë die volgende:

- Die belastingstelsels en gronde van berekening van inkomstebelasting verskil tussen lande.
- Daar bestaan nie tussen alle lande 'n belastingooreenkoms wat die betaling van dubbele belasting deur beleggers uitskakel nie.
- Lande verskil aansienlik ten opsigte van wat met 'n 'buitelandse belegging' bedoel word.

Raadpleeg gevolglik 'n internasionale belastingkundige voordat jy met sekerheid bepaalde belastingimplikasies rakende jou buitelandse belegging kan evalueer en aanvaar of verwerp.

JA, BUITELANDSE BELEGGINGS VERG SOMMER BAIE HUISWERK

Wat wel moontlik is, is om via belastingvriendelike lande te belê omdat daar nie van inkomstebelasting sprake is nie. Hierdie belastingskuilings word later bespreek.

BELÊ IN 'N BELASTINGSKUILING VIA 'N TRUST EN VERMY ALLE INKOMSTEBELASTING

Sou daar nie in 'n belastingskuiling belê word nie, moet Suid-Afrikaanse beleggers inkomstebelasting betaal op alle inkomste wat in die buiteland verdien word. Hier word nie van 'off-shore'- beleggings gepraat wat permanent in die buiteland gelaat mag word (as deel van die R500 000) nie, maar van 'on-shore'-beleggings waarvan die inkomste (onder meer) weer na Suid-Afrika gebring moet word.

Waar jy in 'n oorsese land belê wat nie 'n dubbele belastingvermydingsooreenkoms met Suid-Afrika gesluit het nie, kan dit beteken dat jy in sowel Suid-Afrika as in die buiteland belasting sal moet betaal.

Kom ons kyk vervolgens kortliks na die belastingposisie by enkele buitelandse beleggings:

- rente in die buiteland verdien (rente is belasbaar tensy dit deur 'n buitelandse trust in 'n belastingskuiling ontvang word)
- rente op 'n plaaslike buitelandsevaluta-rekening (rente is belasbaar)
- wisselkoerswins by omskakeling van buitelandse rente-inkomste na rand (belasbaar of nie, afhangend van die doel van die belegging)
- huurinkomste uit geboue (huurgeld is belasbaar, tensy dit deur 'n buitelandse trust in 'n belastingskuiling ontvang word)
- huurinkomste van tenkhouer (huur is belasbaar, tensy dit deur 'n trust in 'n belastingskuiling ontvang word)
- dividende (effektetrusts en aandele) is nie belasbaar nie ('n probleem is egter dat nie alle lande 'n onderskeid tref tussen die rentegedeelte en dividende by effektetrusts nie)
- kapitaalgroei (belastingvry)
- kapitaalwins (belasbaar, tensy ontvang deur 'n trust in 'n belastingskuiling)

Bogenoemde belastingreëls geld nie vir spekulante nie, maar slegs vir langtermynbeleggers. Spekulante betaal byvoorbeeld belasting op sowel kapitaalgroei as wisselkoerswins.

'N INTERNASIONALEVALUTA-GIDS

Sou jy oor 'n bepaalde geldeenheid beskik (bv rand) en jy wil weet wat dit in 'n ander geldeenheid werd is (bv Franse frank), kan jy van 'n internasionalevaluta-gids gebruik maak. Dit is by die Reserwebank en banke beskikbaar. Sodoende sal jy kan bereken wat jou buitelandse belegging in daardie land se geldeenheid (valuta) werd is. Natuurlik kan jy die wisselkoers tussen ons rand

en die Amerikaanse doller asook die Britse pond sommer daagliks oor die radio en op die televisie kry.

HOE OM JOU GEHEIME KAPITAAL TE BELÊ

Sou ons van geheime kapitaal praat (geld, beleggings, bates), bedoel ons daardie kapitaal wat jy volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel onwettig besit.

Geheime bates verwys onder meer na kontant, diamante en goudmunte wat deur middel van 'n eie besigheid oor jare bymekaar gemaak is. Talle Suid-Afrikaners het groot hoeveelhede geheime kapitaal in die buiteland wat oor jare self of deur vriende daarheen geneem is. Talle beleggings en buitelandse trusts bestaan ook reeds en die Reserwebank is terdeë bewus daarvan.

Verskeie ander maniere is ook gevolg en word steeds gevolg om geheime kapitaal in die buiteland te kry, onder meer:

- Diegene wat 'n invoerbesigheid het, sal byvoorbeeld die koopprys hoër aandui as wat werklik die geval is. Hulle betaal gevolglik meer (stuur dus meer geld in die buiteland) en belê die verskil tussen die werklike aankoopprys en die 'opgeblaasde' aankoopprys in die buiteland.
- Diegene met 'n uitvoerbesigheid doen weer die teenoorgestelde. Hulle dui die verkoopprys laer aan as wat werklik die geval is. Hulle verkoop dus meer as wat hulle aandui en belê die verskil tussen die 'afgeskaalde' laer verkoopprys en die werklike verkoopprys in die buiteland.
- Die volle reistoelaag word soms in die buiteland geneem, maar nie alles word gebruik nie. Dit wat oorbly word in die buiteland belê.
- Sommige sluit ooreenkomste met buitelandse besoekers wat in Suid-Afrika kom vakansie hou. Hulle betaal die buitelandse besoekers se vakansie- en reiskoste vir hulle. Daarenteen belê die buitelandse besoekers 'n ekwivalente bedrag in buitelandse valuta (buitelandse geldeenheid) in die buiteland.
- Dikwels word familie, vriende en diplomate betaal om Suid-Afrikaners se geld teen 'n kommissie/fooi na die buiteland te neem. Daar is diegene wat dit vir 'n lewe doen – sommige is meer riskant as ander vir die belegger.

Vir die eerste keer is daar nou meer klem op buitelandse beleggings wat wettig of onwettig gemaak is en moet ons die nodige beleggings-, inkomstebelasting-, boedel- en aftredebeplanning daaromtrent doen. Raadpleeg dus verskeie kenners omtrent hierdie aspekte asook buitelandse trusts.

'N TWEEDE TESTAMENT

Daar word aanbeveel dat 'n tweede testament in elk van die volgende gevalle opgestel word:

- Waar jy oor geheime kapitaal beskik (gee die testament vir 'n prokureurs-vriend met die nodige instruksies om dit by die regte erfgename uit te bring en met die beredderingsproses te help).
- Waar jy buitelandse beleggings het (daar kan nou vir elke land 'n afsonderlike testament opgestel word volgens daardie land se regsreëls ten einde te verseker dat jou regte erfgename hulle erfporsies sal kry).

Daar word nie aanbeveel dat 'n enkele testament (bo en behalwe jou Suid-Afrikaanse testament) vir beleggings in verskillende lande in die buiteland opgestel word nie. Die regstelsels van die lande kan verskil, met teenstrydige implikasies en erfgename.

BELÊ BUITELANDSE GELD/BATES IN 'N TRUST

Daar is reeds gewys op die oorplasing van jou buitelandse geld en bates na 'n trust, verkieslik na 'n belastingvriendelike land.

MOET EK IN DIE BUITELAND AFTREE?

Sou jy oorweeg om in die buiteland te gaan aftree, moet jy die bespreking oor emigrasie in hoofstuk 9 lees. Hier gaan dit net oor 'n moontlike buitelandse belegging vir aftrede terwyl jy steeds in Suid-Afrika bly.

SAMEVATTING

Buitelandse beleggingsbeplanning het gekom om te bly vir Suid-Afrikaanse beleggers. Dit behoort duidelik te blyk dat die talle onsekerhede rondom duisende beleggingsprodukte in talle lande in die buiteland die Suid-Afrikaanse belegger baie huiswerk gee om te doen voordat 'n buitelandse belegging gemaak kan word. Daar moet met verskeie kenners oor 'n verskeidenheid onderwerpe gepraat word ten einde die nodige buitelandse beleggingsinligting te help bemeester. Net so moet die talle finansiële inligtingsbronne geraadpleeg word.

Die keuse van bepaalde buitelandse beleggings, buitelandse fondsbestuur-

ders, spesifieke lande en geldeenhede behoort 'n weldeurdagte besluit te wees. Sodoende kan die voordele van buitelandse beleggingsgeleenthede benut word en sowel randverskansing as diversifikasie (risikoverspreiding) toegepas word. Daar kan verder van die verskillende ekonomiese siklusse in die verskillende lande gebruik gemaak word om die langtermynopbrengs op jou beleggings te verhoog.

Daar word aanbeveel dat diegene wat in die buiteland belê van een of meer fondsbestuurders gebruik sal maak. Moet nooit probeer om self jou buitelandse belegging te maak en te probeer 'bestuur' nie. Vergeet maar daarvan. As jy betreklik bang is vir buitelandse beleggings moet jy minder riskant belê. Maak verder gebruik van belastingvriendelike lande asook trusts in sulke lande. Moet nie vergeet om deeglik te beplan as dit by die belegging of herbelegging van jou geheime kapitaal kom nie.

Ja, benut die talle buitelandse beleggingsgeleenthede en moenie al jou finansiële eiers in die Suid-Afrikaanse mandjie hou nie, veral nie as jy nog kinders/kleinkinders het wat dalk die land sal moet verlaat vir 'n lewe in die buiteland nie.

Moenie self in die buiteland belê nie – moenie self jou buitelandse beleggings probeer bestuur nie – moenie jou geld vir Jan Rap en sy maat gee om dit vir jou in die buiteland te 'belê' en te 'bestuur' nie.

Kies die regte fondsbestuurder en geniet 'n hoër beleggingsopbrengs op die lang termyn, sowel as inkomste- en boedelbelastingvoordele.

4.6 WATTER BESKERMING BESTAAN DAAR VIR MY AS BELEGGER?

Beleggers verdien reeds jare lank die een of ander vorm van beskerming as dit by hulle geldsake kom. Nog meer so as ons van 'n pakket praat wat 'n groot bedrag beloop en jarelange beleggings (meestal met die oog op aftrede) verteenwoordig. Talle persone en instellings het hulle juis hiervoor beywer en die eerste tekens daarvan is op die beleggingshorison sigbaar.

'N NUWE VERSEKERINGSBEDRYF

Die dae dat die versekeringsbedryf gekenmerk was deur die bestaan van polissmouse is vir altyd verby. In die plek daarvan het 'n nuwe versekerings-

bedryf ontstaan wat deur wetgewing gedwing gaan word om die nodige inligting aan die publiek te verskaf, asook om die publiek te beskerm.

Verbruikers (beleggers) is immers geregtig op laasgenoemde om hulle te beskerm teen die neem van oningeligte besluite. Vervolgens enkele positiewe aspekte in die bedryf.

VERBRUIKERSINLIGTING

Sedert 1 April 1997 verskaf versekeraars as deel van hul kwotasies die vooruitgeskatte waarde van die polis aan die einde van elk van die eerste vyf jaar. Sodoende kan verbruikers sien dat die opbrengs aanvanklik laag is, maar toeneem oor die termyn van die polis. Verder word die status van die makelaar deur die LOA (Life Offices Association) aan die verbruiker verskaf.

Die naam van die verteenwoordiger van die versekeringsmaatskappy aan wie klagtes gerig kan word, word ook verskaf, asook die adres van die bedryf se ombudsman (beskermer). Sodoende neem die maatskappy verantwoordelikheid vir die makelaar se optrede (advies, mededelings).

VERBRUIKERSBESKERMING

Sedert 1 Junie 1997 kry alle persone wat 'n polis uitneem 'n afkoeltydperk van 21 dae. In dié tydperk kan die nuwe polishouer die polis laat vaar as dit die verkeerde produk skyn te wees of onder 'druk' van die makelaar gekoop is.

As 'n polis gestaak word, ontvang die polishouer alle premies wat inbetaal is en verloor niks nie.

Die bedryf poog dus nou om groter deursigtigheid aan verbruikers te verskaf. Die LOA het aanvanklik voorgestel dat uittree-annuïteite nie hierby ingesluit word nie. Nogtans het sekere instellings proaktief opgetree en wil hulle van meet af dieselfde gedragskode toepas met die uitneem van annuïteite.

Met die naam van die makelaar tot hul beskikking en 'n klagte-aanbod van die LOA, kan verbruikers nou 'ware' finansiële advies gegrond op hul behoeftes verwag. Makelaars wat slegs hul begroting wil laat klop, gaan beslis hul rieme styfloop.

NUWE FILOSOFIE

Die bedryf poog om verkope van versekering te rig op waardetoevoegende oplossings vir verbruikers. Volledige finansiële beplanning, dienste en veral

produkte is nou gerig op 'n positiewe langtermynverhouding met verbruikers. Natuurlik moet dié filosofie nou eers na die makelaars deurwerk voordat hulle dit as riglyn sal aanvaar.

NUWE WETGEWING

Omvattende wetgewing word tans in plek geplaas om beleggingsdienste te verbeter en te reguleer ten einde beleggers te beskerm. Die Masterbond- en Supreme-skandaal moet nooit weer herhaal kan word nie. Hierdie wette lê veral klem op die openbaarmaking van alle relevante feite wat sowel die belegging as die belegger raak, onder meer die volgende: die belegger moet 'n ingeligte besluit kan neem oor die aard van die produk, die kontrak, verwagte opbrengste, risoko's en beleggingskriteria; beleggers moet voldoende inligting ontvang; dit moet deur die hele bedryf geld; en wetgewing moet afgedwing kan word deur middel van sanksies.

DIE INSTITUUT VIR LEWENS- EN PENSIOENADVISEURS (ILPA)

In 1996 het ILPA reeds 'n gedragskode vir lede daargestel in ILPA se Algemeen Aanvaarde Beplanningspraktyk (GAPP). Hierdie gedragskode bevat praktiese riglyne vir tussengangers (makelaars/bemarkers) in die uitvoering van hul taak. ILPA-lede moet hiervolgens professioneel optree en deurgaans 'n vertrouensverhouding met kliënte (beleggers) handhaaf ten einde botsende belange te vermy en relevante feite bekend te maak. Lede mag hulle dus nie aan geheimhouding skuldig maak nie, maar wel aan openbaarmaking. Hierdie beskerming geniet alle beleggers wat met makelaars sake doen (beleggings by hulle maak) wat oor die ILPA-kwalifikasie beskik.

ILPA het nou drie vlakke lede:

- genote (wat die ILPA-eksamen geslaag het)
- assosiaatlede
- gewone lede

Elk kan net daardie produkte bemark waarvoor hulle opgelei is.

VERSKEIE OMBUDSMANNE VIR KLAGTES

Beleggers wat veronreg voel oor die wyse waarop 'n belegging aan hulle afgesmeer is of wat byvoorbeeld in 'n verkeerde produk belê het (onder meer), kan

nou by een van vier ombudsmanne geskrewe klagtes (breedvoerig beskryf met toepaslike dokumentêre bewyse) indien, naamlik die

- Ombudsman vir Langtermynversekering (hanteer geskille tussen polishouers en finansiële instellings/versekeraars rakende die bemarking van produkte en nie finansiële berekeninge rakende voordele nie) (Posbus 4967, Kaapstad, 8000, Tel (021) 461–5010)
- Ombudsman vir Banke (hanteer geskille tussen kliënte en daardie banke wat hulle aan die ombudsman onderwerp) (Posbus 5728, Johannesburg, 2000, Tel (011) 838–0035/8/9)
- Ombudsman vir Korttermynversekering (hanteer geskille tussen kliënte en korttermynversekeraars rakende eise wat geweier word) (Posbus 30619, Braamfontein, 2017, Tel (011) 339–6525/70)
- Ombudsman vir Pensioenfondse (hanteer geskille rakende pensioenfondse wat onder die Wet op Pensioenfondse, 1996, soos gewysig, ressorteer) (Posbus 1041, Kaapstad, 8000, Tel (021) 45–4041)

Let daarop dat hierdie vier persone nie as finansiële adviseurs optree nie – hulle hanteer spesifieke geskille.

Vir doeleindes van pakketbeleggings, kyk ons kortliks na enkele aspekte van belang rakende klagtes rondom pensioenfondse. Elke persoon wat lid is van 'n pensioenfonds wat onder die Wet op Pensioenfondse, 1996, soos gewysig, ressorteer, het drie jaar om enige klagtes by die Ombudsman vir Pensioenfondse in te dien. Klagtes kan deur enige persoon of instansie ingedien word wat 'n belang in 'n pensioenfonds het, onder meer: huidige en vorige lede van die fonds; bevoordeeldes; werkgewers; die Finansiële Diensteraad; die Registrateur van Pensioene; asook versekeringsmaatskappye. Klagtes kan onder meer gaan oor die fondsadministrasie, belegging van fondse en foutiewe interpretasie van fondsreëls.

Stappe wat gevolg moet word as jy 'n klagte het is onder meer:

- Dien eerstens 'n geskrewe klag by jou werkgewer of pensioenfonds in.
- Die werkgewer of fonds het nou 30 dae om daarop te reageer.
- Dien nou 'n geskrewe klag in by die Ombudsman vir Pensioenfondse (sluit in persoonlike, werks- en pensioenfondsbesonderhede; bewys dat die klagte reeds by jou werkgewer/pensioenfonds was asook die respons daarop; kontakbesonderhede van jou werkgewer/pensioenfonds; jóú oplossing vir die saak).

- 'n Ontmoeting kan dan met jou en 'n verteenwoordiger van jou pensioenfonds gereël word.
- Die Ombudsman neem 'n besluit oor die saak en beide partye kan daarop appelleer by die Hooggeregshof.
- Indien daar geen appèl teen die Ombudsman se besluit is nie, word sy besluit as bindend aanvaar.

Waar bemarkers (makelaars) skuldig bevind word, kan daar verskillende sanksies teen hulle plaasvind, onder meer:

- administratief (bemarkers kan nie meer sekere produkte verkoop nie)
- siviel (howe word betrek)
- strafregtelik (misdade word hier aan die publiek bekend gemaak en die bemarker se naam is daarmee heen)

FINANSIËLE INSTELLINGS

Finansiële instellings het reeds 'kontrakte' met hul makelaars gesluit rondom etiese optrede tydens dienslewering en openbaarmaking rondom die bemarking van produkte. Verskeie instellings het ook reeds kliënte vergoed vir skade wat gely is. Makelaars begin hulself aan ombudsmanne onderwerp en reik selfs kaarte aan hul bemarkers uit wat bepaal watter produkte hulle mag verkoop en namens watter firma.

Raadpleeg gerus 'n ombudsman met jou klagtes.

GELD BY PROKUREURS

Sou jy om een of ander rede jou pakket deur middel van 'n prokureur belê, moet daar seker gemaak word dat die geld dieselfde beskerming as trustgeld sal geniet. Indien hierdie beskerming ontbreek, moet jy eerder jou geld deur middel van 'n ander tipe makelaar belê, waar jou geld wel dié tipe beskerming geniet. Vind gevolglik uit of die belegging deur die Wet op Prokureurs se Waarborgfonds beskerm word, al dan nie.

'N 'AFKOELPERIODE' VIR HUISKOPERS

Diegene wat 'n huis koop word tans deur die Wet op Eiendomsagente, soos gewysig, vyf dae gegee om 'af te koel' en om te besluit of hulle met die koop wil voortgaan of nie. Hierdie vyf dae sluit onder meer die dag waarop die

koopkontrak geteken is, Saterdae, Sondae, en openbare vakansiedae uit. Dit geld slegs vir woonhuise met 'n waarde laer as R250 000. Die 'afkoelperiode' geld gevolglik nie in die volgende gevalle nie:

- 'n eiendom met 'n waarde hoër as R250 000
- eiendom waarop die koper 'n opsie gehad het om te koop
- waar eiendom op 'n publieke veiling wat geadverteer is, verkoop word
- vir 'n kooptransaksie waar die koper en verkoper ook voorheen by dieselfde eiendom betrokke was
- waar die koper 'n regspersoon is
- waar die koper die reg voorbehou om 'n ander persoon aan te wys om as koper op te tree
- indien 'n koper 'n aanbod vir 'n tweede eiendom maak voordat die koper se regte rakende die eerste eiendom uitgeoefen is (hier verval die 'afkoelperiode' met betrekking tot die eerste eiendom)

Diegene wat 'n pakketbelegging in 'n woonhuis maak, het gevolglik vyf werksdae om te herbesin oor die koopbesluit en die koopkontrak (met bogenoemde voorbehoude). Sou jy nie daarmee tevrede wees nie, kan jy die kontrak opsê en 'n aanbod op 'n ander eiendom maak (of jou geld anders belê of aanwend).

Onthou dat waar jy nou jou eie huis gaan verkoop aan 'n koper, die koper ook nou oor 'n 'afkoelperiode' van vyf dae beskik. Moet gevolglik nie langtermynverpligtinge aangaan voordat jy seker is jy wel jou ou huis verkoop het nie. Netnou moet jy dalk die paaiemente op twee huise betaal of jou hele pakket aanwend vir die nuwe huis (waar jy die ou huis se verkoopprys eintlik wou aanwend en dit nou moet verhuur omdat jy dit nie verkoop kry nie).

Natuurlik bied die Wet op Eiendomsagente, 112 van 1976, verdere beskerming aan kopers tydens hulle onderhandelings met agente deur middel van 'n gedragskode vir agente. Die gewysigde nuwe wet sal agente ook 'n hoër boete van R25 000 oplê vir verkeerde optrede (voorheen slegs R1 000). Hiervan kan die koper/verkoper self tot 80% ontvang.

Die 'afkoelperiode' geld verder in die volgende gevalle: 'n privaatkoop; waar jy van 'n plan af koop; en waar jy deur middel van 'n eiendomsagent koop.

Waar jy as verkoper van jou eie huis optree, hou die 'afkoelperiode' niks goeds vir jou as verkoper in nie. Dit skep baie onsekerheid omdat jy nie weet of jou huis wel verkoop is nie, want die koper kan binne die vyf dae uit die kontrak kom. Oneerlike kopers kan baie tyd en geld van verkopers mors omdat

verkopers verkoopsgeleenthede gedurende hierdie tydperk verloor. Net so kan die periode verder gebruik (misbruik) word om 'n laer koopprys te beding. 'n Koper kan ook lekker met jou huis spekuleer indien 'n derde party aangewys word, omdat die reg om iemand te nomineer in die kontrak behou is. Verkopers is eintlik magteloos teen hierdie beskerming van kopers.

Onthou egter dat jy as koper meestal ook as verkoper gaan optree. Belê gevolglik jou pakket met inagneming van hierdie 'afkoelperiode'.

HET JY IN BROUWERK PLEKS VAN BOUWERK BELÊ?

Natuurlik kon jy ook 'n gedeelte (of dalk alles) van jou pakket in 'n nuwe woonhuis belê wat jy self laat bou het. In baie gevalle word daar nie 'n skriftelike ooreenkoms met die boukontrakteur gesluit nie. Net so word alle geld dikwels betaal voordat alle bouwerk voltooi is. 'n Mens kan maar net dink hoeveel onvoltooide en voltooide dinge kan skeefloop.

Wetgewing verplig tans alle huisbouers om by die Nasionale Huisbouersregistrasieraad (NHBRR) te registreer. Dié raad laat elke woonhuis ondersoek, waarná 'n goedgekeurde waarborg uitgereik word wat onder meer die volgende beteken:

- Regstellings aan die bouwerk moet binne drie maande ná okkupasie gedoen word.
- Daklekke moet binne 12 maande herstel word.
- Groot strukturele defekte moet binne vyf jaar hestel word.
- Die boumateriaal moet voldoen aan die minimum gehaltevereistes.
- Die fondasie moet pas by die tipe grond.

Navrae in verband met brouwerk kan aan die NHBRR gerig word by telefoon (011) 886–3636. Alle hulp is gratis. Sou klagtes geldig wees, sal die raad die huisbouer nader en as bemiddelaar optree totdat die herstelwerk gedoen is, al sou dit beteken dat 'n ander bouer vanuit die Waarborgfonds vergoed moet word om die herstelwerk te doen. Inligting is verder ook beskikbaar oor:

- alle geregistreerde bouers
- registrasies wat teruggetrek is
- aantal huise gebou
- vorige klagtes teen 'n bouer

Dit is gevolglik raadsaam om eers uit te vind oor die doen en late van 'n bouer voordat jy jou geld in nuwe bouwerk steek.

GAAN JY IN 'N WETTIGE NETWERKBEMARKINGSTELSEL BELÊ?

Hier word nie bedoel iemand wat R50 of R500 in 'n skema moet belê ten einde 'n inkomste daarna te probeer verdien nie. Ons praat hier van 'n bedrag van byvoorbeeld R5 000 of R20 000. Sou enige persoon dit oorweeg om 'n enkelbedrag in 'n netwerkbemarkingstelsel te belê, is dit raadsaam om eerstens die wettigheid van die skema (al dan nie) te bepaal. Dit kan gedoen word deur die Direkte Verkope Assosiasie van Suid-Afrika te skakel. Ook die Departement van Handel en Nywerheid het 'n verbruikerskode vir direkte bemarking opgestel.

Moet egter nie die fout maak om te dink dat 'n netwerkbemarkingstelsel gaan om die opbrengs op 'n belegging nie. Dit gaan eerder oor die opbrengs op jou baie harde en volgehoue werk.